Bana ba rata <u>go bapala</u>.
Kinders hou daarvan om te speel.

(b) Die infinitiewe werkwoord as komple=ment van 'n "deficient verb"

Cole (p. 292) noem 'n hele aantal "deficient verbs" wat 'n infinitiewe komplement neem.

Babatlilê <u>golekana</u> kabolêêle.
Hulle was amper ewe groot.

Osenkilê <u>goswa</u> katsatsi lêo.
Hy was amper dood daardie dag.

Kenê keṣabolo <u>goja</u>.
Ek het lankal reeds geëet gehad.

1.4.3 Bepalingsvalensies (33

1.4.3.1 Valensie as onderwerp en voorwerp

Infinitiewe het die valensie om as onder=werpsbepalings sowel as voorwerpsbepalings te kan fungeer. Cole (p. 96) sê: "They may act as subject or object in a sentence".

A. Infinitiewe as Onderwerpsbepalings

Die volgende voorbeelde toon hoe die grammatici infinitiewe met onderwerps=valensie behandel.

COLE (p. 438)

<u>Godira</u> jalo gagoasiama.
Om so te werk is nie goed nie.

SETSHEDI (p. 62)

Go bina go a lapisa.
Om te dans vermoei.

ZIERVOGEL (p. 73)

Go dira go a lapisa.
Om te werk vermoei.

MATSEKE (p. 26)

Go lema go atametse.
Ploegtyd is naby.

WOOKEY EN BROWN (p. 22)

Go coma goa ntapisa.
Om te jag maak my moeg.

MALEPE (p. 15)

Go utswa go bolaya motho.
Om te steel maak mens dood.

SANDILANDS (p. 38)

Go fora batho ga go a siama.
Om vir mense te jok is nie goed nie.

B. Infinitiewe as voorwerpsbepalings

Net soos wat 'n infinitief 'n valensie het as onderwerpsbepaling, so het dit 'n valensie as voorwerpsbepaling.

MATSEKE (p. 26)
Bana ba rata go ja.
Kinders hou van eet.

ZIERVOGEL (p. 73)
Ke thaba go bôna go boa ga ngwanaka.
Ek is bly om my kind se terugkoms te sien.

Ga ke rate go goa ga gago.
Ek hou nie van jou geskree nie.

SETSHEDI (p. 62)
Rona re batla go tsamaya.
Ons wil loop.

1.4.3.2 Valensie as deskriptiewe bepaling

Die infinitief het ook 'n valensie as deskriptiewe bepaling.

ENDEMAN (p. 100) .. ke tlile xo ithuta

ZIERVOGEL (p. 100) .. A bôna gore bana ba gagwê ba šêtšê ba thomilê go nwa bojalwa.

## 1.5 'n KRITIESE SAMEVATTING (34

Die verskillende sienswyses wat oor die in= finitief bestaan, beklemtoon die leemte wat daar is ten opsigte van 'n wetenskaplik-verantwoorde klassifikasie. In die ander Bantoetale bestaan dieselfde leemte.

Setshedi, onder andere, klassifiseer die infinitief as naamwoord en misken die be= staan van die infinitief as werkwoord. An= der grammatici, van die Sotho-tale, erken die infinitiewe naamwoord sowel as die in= finitiewe werkwoord. Die moontlikheid van dominan= sie van naamwoordelike kenmerke oor werkwoor= delike kenmerke en andersom, is ook deur geen skrywer ondersoek nie.

Cole vorm die negatief van die perfektum van die infinitief met die perfektum negatiewe morfeem <u>sà</u> (Cole p. 238). 'n Infinitief kan nie in die perfektum staan nie. Hoe is die negatief van die perfektum dan moontlik?

Wookey en Brown (p. 19), skryf die infinitief in die meervoud.

go lema > malemò

Hier het hulle beslis mis getas. Geen naam= word in Tswana, wat in die meervoud geskryf word, het 'n uitgangsmorfeem vir die enkel=

voud en 'n ander een vir die meervoud nie. Tweedens, dit is 'n morfologiese kenmerk van 'n infinitiewe naamwoord om die uitgangsmor=feem -a te hê. Uitsonderings is infinitiewe soos go-itse - om te ken/kennis. Wat Wookey en Brown hier nie aan gedink het nie, is dat naamwoorde wat versamelings aandui, uit verskeie klasse, ook in klas 3, aangetref word. (Cole 1955 p. 82).

Sekere sintaktiese kenmerke van die infini=tief word deur sekere van die skrywers baie oppervlakkig behandel maar nie een van die skrywers het ál die kenmerke genoem nie. Nie een van die skrywers noem byvoorbeeld die possessiewe betrekkingswoord as 'n inleidende lid nie. (Vgl. par. 32).

Geen een van die grammatici ken aan die in=finitief die valensie toe vir deskriptiewe bepalings nie.

Infinitiewe word ook gesien as komplemente van sekere "auxiliary verbs" (Ziervogel p. 94, vgl. 1.4.2 par. 32). Wat in werklikheid hier die geval is, is dat die infinitief na sekere werkwoorde, met 'n bepaalde betekenisonder=skeiding, 'n voorwerpsvalensie het. (Vgl. par. 32).

Met die uitsondering van een skrywer, het nie

een van die genoemde skrywers 'n studie van die infinitief probeer maak om so= doende tot 'n finale konklusie oor die woordklasstatus van die infinitief te kom nie. Die genoemde werke was in elk geval nie bedoel om die infinitief in sy fyn besonderhede te behandel nie, behalwe die één skrywer wat so 'n poging aangewend het.

Afgesien van die kritiek wat gelewer is, moet daar tog erken word dat som= mige van die skrywers in sommige gevalle waardevolle inligting verstrek het. Dié inligting sal dan ook bydra om die twispunt wat nog altyd bestaan het oor die woordklasstatus van die infi= nitief, uit die weg te ruim.

## 1.6 DIE DOEL VAN HIERDIE STUDIE (35

In hierdie studie sal die woordklas= status van die infinitief valensioneel en morfologies ondersoek word ten einde vas te stel of dit naamwoordkenmerke het en of dit werkwoordkenmerke het.

Indien die infinitief naamwoordelik en/of werkwoordelike kenmerke het, sal

die interne sowel as eksterne sintak=
tiese kenmerke ondersoek word om te
bepaal of daar beperkinge is.

Ten slotte sal bepaal word watter van
die kenmerke dominant is.

## HOOFSTUK 2 Tikuso

# DIE INFINITIEF AS SUBKATEGORIEë VAN DIE NAAMWOORD EN VAN DIE WERKWOORD

## 2.1 DIE KLASSIFIKASIEPRINSIPES (36

By 'n woordklasindeling moet die indeling so wees dat die sisteem van die woordklasse moet aansluit by alle aspekte van woordbeskrywing, aldus van Wyk, p. 70.

Dit impliseer dat al die eienskappe van woorde gebruik moet word as indelingskriteria. Van Wyk wend vier prinsipes aan by die bestudering van taaltekens om hulle sodoende in woordklas=se in te deel.

Die klassifikasiekriteria wat hy so ontwikkel het uit klassifikasieprinsipes, het 'n omvat=tende klassifikasie van woordklasse opgelewer.

Die vier dissiplines wat hy gebruik is:

(i) die fonologiese
(ii) die semantiese
(iii) die morfologiese
(iv) die valensionele

Indien die resultaat van elk van die inde=lingskriteria onderling vergelyk word, blyk dit dat daar heelwat teenstrydighede voorkom. Van Wyk, p. 77, beweer verder dat indien die resultate van al die kriteria van al vier prinsipes sonder diskriminasie toegepas word, dit onmoontlik sal wees om 'n wetenskaplik-verantwoorde klassifikasie te maak.

As die vier prinsipes nou in die geheel teen=oor mekaar geplaas word, wil dit tog voorkom of daar 'n natuurlike orde is waarvolgens die morfologiese en sintaktiese prinsipes voor=keur moet geniet bo die semantiese en fono=logiese. Van Wyk, p. 77, stel dan die vol=gende rangorde voor:

(i) Omdat die morfologiese en valensionele kriteria met 'n volledige woord as taalteken werk, terwyl die fonologiese en semantiese kriteria slegs konsen=treer op enkele "momente van die woord se taalteken-wees" (Van Wyk p. 77), moet die morfologiese en valensionele kriteria voorrang geniet.

(ii) By die vasstelling van die woordklasse moet daar gesoek word na 'n groep woorde wat met 'n gemeenskaplike morfologiese

eienskap wat tegelyk ook almal dieselfde sintaktiese eienskappe het.

(iii) Die woordklasse wat gevind is volgens die morfologiese en valensionele kriteria, word nou vergelyk met die woordklasse wat vasgestel is met die fonologiese en semantiese om verdere ooreenkomstes vas te stel.

Die hele klassifikasietegniek moet so toegepas wees dat dit die kleinste aantal woordklasse oplewer met die grootste moontlike inhoud. Gebeur dit dat woorde aangetref word wat toevallige kenmerke het, word hierdie toevallige kenmerke gebruik om 'n onderverdeling van woordklasse in subkategorieë te maak.

2.1.1.1 Die klassifikasieprinsipes toegepas op die naamwoord (38

2.1.1.1.1 Die morfologiese kenmerke

2.1.1.1.1.1 Die prefigale morfeme (39

Morfologies word 'n naamwoord gewoonlik

gekenmerk deur die struktuur prefiks plus stam. Die prefiks dui die klas waarin die naamwoord val, asook die getal, aan:

| | | |
|---|---|---|
| motho | - | batho |
| seipône | - | diipône |

Sommige naamwoorde wyk af van die nor=male struktuur, hulle het geen prefi=gale morfeem nie, bv.:

| | | |
|---|---|---|
| A. | Eiename: | Tshosa |
| | | Morokwane |
| B. | Verwantskapsname: | mmê |
| | | rrê |
| | | rangwane |
| C. | Naamwoorde van die ne- di-klas enkel=voud: | podi |
| | | kgômo |
| | | tau |

Leenwoorde word ingedeel na aanleiding van die fonologiese aanpasbaarheid van die aanvangsfoneme. Baesekele en fênstere sal onder andere by die ne- di-klas ingedeel word terwyl sekêpê in die se- di-klas geplaas word.

Die aanwesigheid of afwesigheid van die prefigale morfeme val dus nie saam met enige valensionele verskille nie. Die klasseverskille wat so ont=staan kan dus nie gebruik word om die naamwoorde in subkategorieë in te deel nie.

2.1.1.1.1.2 Die wortelmorfeme (40

Hier word onderskei tussen twee soorte morfeme, naamlik:

A. Primêre wortels (41

Hierdie wortels is wortels wat nie van ander woordsoorte afkomstig is nie, bv.:

-sese in mosese
-phôi in lephôi

B. Sekondêre wortels (42

Hierdie wortels is sekondêr omdat hulle van ander woordsoorte of wortels afgelei is om dan deur morfologiese-morfematiese strukturering as naam=woorde gebruik te kan word.

'n Goeie voorbeeld hiervan is alle in=finitiewe werkwoordstamme (wat

werkwoord-wortels het) wat dan ook as naamwoorde gebruik kan word. Hier kan dus nou 'n verskil getrek word tussen nie-infinitiewe naamwoorde en infini=tiewe naamwoorde. Die verskil wat hieruit voortspruit is 'n morfologiese verskil wat koïnsident is met 'n va=lensionele verskil.

Die nie-infinitiewe naamwoorde het geen valensie vir deskriptiewe bepalings nie en ook nie 'n valensie as 'n de=skriptiewe bepaling nie. Hierteenoor het infinitiewe naamwoorde 'n valensie vír deskriptiewe bepalings en 'n va=lensie ás deskriptiewe bepaling. Voorbeelde:

(a) 'n Valensie vir deskriptiewe bepalings

go-kwala <u>sentlê</u>
om mooi te skryf

go-bôna <u>jalô</u>
om so te sien

(b) 'n Valensie as deskriptiewe bepaling

mosadi o-ya <u>go-bua</u>
die vrou gaan om te praat

nakêdi e-leka go-iphemêla
'n muishond probeer homself beskerm

Onderstaande voorbeelde toon dat naam=woorde 'n valensie vir kwalifikatiewe bepalings het.

Monna yôlê o -rêkisa matlalô.
Daardie man verkoop velle.

Ntša ya gagwê e-loma batho.
Sy hond byt mense.

Go-ôpêla ga-bônê go-a-itumêdisa.
Hulle sang verheug.

Soos wat die infinitiewe hierbo be=spreek is, toon dit duidelik 'n dub=belslagtige kategorie wat sowel naam=woordelike as werkwoordelike kenmerke het.

2.1.1.1.1.3 Die suffigale morfeme van die naamwoord (43

Die naamwoorde in Tswana neem ook suf=figale morfeme. Omdat hierdie aflei=dingsmorfeme, wanneer hulle aangevoeg word, 'n morfologiese verandering ver=oorsaak, moet die moontlikheid onder=soek word of die morfologiese verande=ring nie koïnsident is met enige

valensionele verskil nie.

By die afleidingsmorfeme word die vol=
gende onderskei:

A. Die afleidingsmorfeem -gadi (44

Hierdie suffigale morfeem word aan som=
mige onsydige naamwoorde gevoeg om
vroulikheid aan te dui. Die gebruik
hiervan is nie baie algemeen nie.

tau + -gadi → taugadi (leeuwyfie)
mohumi + -gadi → mohumagadi
('n gesiene dame)
moswa + -gadi → moswagadi
('n wewenaar)

Bogenoemde morfeem is nie koïnsident
met enige valensionele verskille nie
en kan dus nie gebruik word vir klas=
sifikasie doeleindes nie.

B. Die afleidingsmorfeem -ana (45

Die morfeem -ana word gebruik vir
vorming van diminutiewe naamwoorde.
Met die aanvoeging van dié suffigale
morfeem vind daar soms fonologiese
verandering plaas.

selêpê + -ana → selêtswana
('n byltjie)
setlhare + -ana → setlhatshana
('n boompie)

kgômo + -ana → kgôngwana
('n tollie)

Hierdie dinimutiewe morfeem bring nie valensionele eienaardighede na vore nie en is dus ook nie geskik vir die subkategorisering van die naamwoorde nie.

C. Die lokatiewe afleidingsmorfeem (46

'n Morfologiese kenmerk van naamwoorde bestaan ook daarin dat die lokatiewe suffigale morfeem daaraan gesuffigeer kan word.

setlhare + -ng → setlhareng
(in/by die boom)
bojang + -ng → bojannye
(in/by die gras)

Eiename en verwantskapsname neem nie die lokatiewe suffigale morfeem nie maar wel 'n lokatiewe-betrekkingswoord go-.

go rrê (by pa)
go Šôšô (by Šôšô)

Die lokatiefklas naamwoorde neem ook nie die suffigale morfeem nie omdat die semantiese aspek "lokaliteit" reeds teenwoordig is.

kgakala (ver)
godimo (bo)

Die suffigering van hierdie lokatiewe suffiks gaan saam met valensionele verskille.

Die nie-lokatiewe naamwoorde het geen valensie as deskriptiewe bepaling nie. Hierteenoor staan die lokatiewe naam=woorde en die lokatiefklas naamwoorde wat wel 'n valensie as deskriptiewe bepaling het.

Batho ba-rôbala mô malaong.
Mense slaap op beddens.

Pela e-iphitlha fa tlase.
Die das kruip onder weg.

Deur die lokatiewe afleidingsmorfeem -ng te suffigeer aan naamwoorde, kan hier nou 'n subkategorisering gedoen

word. Hier kan onderskei word tussen lokatiewe naamwoorde en nie-lokatiewe naamwoorde. Die lokatiewe naamwoorde sluit hier per definisie ook die lokatiefklas-naamwoorde in.

| <u>Lokatiewe nwe.</u> | <u>Nie-lokatiewe nwe.</u> |
|---|---|
| ntlong | ntlo |
| gaufi | |
| metsing | metsi |

Die infinitiewe naamwoorde kan ook die lokatiewe suffigale morfeem neem so=dat hier ook onderskei kan word tussen die nie-lokatiewe en lokatiewe, bv.:

| <u>Nie-lokatiewe nwe.</u> | <u>Lokatiewe nwe.</u> |
|---|---|
| go-bua | go-buêng |
| go-sia | go-siêng |

2.1.1.1.2 Die klassifikasie van naamwoorde op grond van hulle morfologiese kenmerke (47

Met net morfologiese kenmerke wat saamval met valensionele kenmerke as kriterium, kan naamwoorde in drie groe=pe ingedeel word, nl.:

(a) Nie-lokatiewe naamwoorde

(b) Lokatiewe naamwoorde

(c) Infinitiewe naamwoorde

2.1.1.1.3 Die valensionele kenmerke

A. Valensie as onderwerpsbepaling (48

Alle naamwoorde het 'n valensie om as onderwerpsbepaling gebruik te kan word.

Phiri e-ja phuduhudu.
Die wolf eet 'n steenbok.

Mô ntlong go-robêtse batho.
In die huis slaap mense.

Go-dira go-lapisa motho.
Die werkery vermoei 'n mens.

B. Valensie as voorwerpsbepaling (49

Alle naamwoorde het die valensie om as voorwerpsbepalings gebruik te kan word.

Moruti o-bala Beibele.
Die predikant lees die Bybel.

Batho ba-nyatsa go-utswa.
Mense verag die stelery.

C. Valensie as antesedent (50

Alle naamwoorde het die valensie om as omskrewe naamwoorde gebruik te kan word.

> Diphôlôgôlô tsôtlhê di-rata bojang.
> Al die diere hou van gras.

> Go-ôpêla ga bônê go-a-itumêdisa.
> Hulle sang verbly.

D. Naamwoorde as komplemente (51

Naamwoorde kan as komplemente van be=trekkingswoorde gebruik word, bv.:

(i) Die assosiatiewe betrekkings=woord le

> mollô le mêtsi
> vuur en water

> Molemi o-lema le mô mokgatshêng.
> Die boer ploeg tot in die vlei.

> Go-lwa le go-nwa go-a-tshwana.
> Om te baklei en om te drink is dieselfde.

(ii) Die lokatiewe betrekkingswoord go
Slegs eiename, verwantskapsname

en naamwoorde van klas 1 enkel=voud en meervoud, kan gebruik word as komplemente van die loka=tiewe betrekkingswoord go.

go rrê (by pa)
go Baraêdi (by Baraêdi)
go monna (by die man)

(iii) Die lokatiewe possessiewe betrek=kingswoord ga

Hierdie betrekkingswoord, neem dieselfde tipe naamwoorde as kom=plemente as die lokatiewe be=trekkingswoord.

ga rrê (by pa se plek)
ga Baraêdi (by Baraêdi se plek)
ga monna (by die man se plek)

(iv) Die instrumentale betrekkings=woord ka

Die nie-lokatiewe naamwoorde en infinitiewe naamwoorde kan as kom=plement van hierdie betrekkings=woord gebruik word.

Fatsa dikgong ka selêpê.
Kap die hout met 'n byl.

Setsênwa se tshwenya ka go-tlhôdia.
Die malle steur met die lawaai.

(v) Die identifiserende kopulatiewe betrekkingswoord ke

Die nie-lokatiewe naamwoorde en infinitiewe naamwoorde kan as kom=plemente van die betrekkingswoord ke gebruik word.

Kgôsi ke monna.
Die koning is 'n man.

Ke go-kwala ga bônê gô go-mo-kgatlhang.
Dit is hulle skrywery wat hom interesseer.

(vi) Die possessiewe betrekkingswoord

Alle naamwoorde kan as komplemente van possessiewe betrekkingswoorde gebruik word.

ntša ya monna
die man se hond

lefêêlô la mô ntlong
'n besem vir binne in die huis

thipa ya <u>go-sega</u>
'n mes om mee te sny

E. 'n Valensie vir kwalifikatiewe bepalings (52

In paragraaf 42 is daar getoon dat alle naamwoorde 'n valensie vir kwalifika= tiewe bepalings het.

F. 'n Valensie as deskriptiewe be= paling (53

In paragrawe 46 en 42 is daar getoon dat lokatiewe naamwoorde en infini= tiewe naamwoorde 'n valensie het as deskriptiewe bepalings terwyl infini= tiewe naamwoorde óók 'n valensie het vir deskriptiewe bepalings.

2.1.1.1.4 Die klassifikasie van naamwoorde op grond van hul valensionele kenmerke (54

Naamwoorde vertoon, soos hierbo uit= eengesit, sekere valensionele eienskap= pe. Indien die verskillende valensies gebruik word om die naamwoorde in sub= kategorieë in te deel, kan dit valen= sioneel in twee hoofdelike groepe inge= deel word, tw.:

(i) naamwoorde met 'n valensie vir deskriptiewe bepaling

(ii) naamwoorde met geen valensie vir deskriptiewe bepaling nie

2.1.1.1.5 Die subkategorisering volgens die semantiese prinsipes (55

Die semantiese kenmerke van naamwoorde dui aan dat die naamwoorde almal <u>sake</u> beteken, soos:

phiri, thipa, bana, ens.

Omdat sommige naamwoorde die infini= tiewe <u>go</u>- as prefiks en werkwoordstam as stam het, wil sulke woorde se se= mantiese kenmerke ook 'n werkwoorde= betekenis impliseer.

By die indeling van naamwoorde volgens die semantiese prinsipes kan daar dus in 'n mate onderskei word tussen infi= nitiewe en nie-infinitiewe.

2.1.1.1.6 Die subkategorisering volgens die fonologiese prinsipes (56

Naamwoorde deel in die normale fono= logiese sisteem.


2.1.1.1.7 'n Samevatting van die klassifikasie=kenmerke op grond van die morfologiese en valensionele kenmerke (57

As die klassifikasieprinsipes van van Wyk nou in gedagte gehou word, dan moet die morfologiese en valensio=nele klassifikasies van die naamwoord met mekaar vergelyk word. Morfologiese verskille wat saam gaan met valensio=nele verskille, kategoriseer die naam=woord in drie kategorieë, nl.:

(i) nie-lokatiewe naamwoorde
(ii) infinitiewe naamwoorde
(iii) lokatiewe naamwoorde

Valensioneel kan die naamwoord geka=tagoriseer word in naamwoorde wat geen valensie het vir deskriptiewe bepalings nie en naamwoorde wat 'n valensie het vir deskriptiewe bepalings sowel as 'n valensie as deskriptiewe bepaling.

Vir die doel van hierdie studie kan die subkategorieë van die naamwoord diagramaties soos volg voorgestel word:




Uit voorgaande diagram kan dan afgelei word dat naamwoorde in drie kategorieë ingedeel kan word, nl.:

(i) nie-lokatiewe naamwoorde
(ii) lokatiewe naamwoorde
(iii) infinitiewe naamwoorde (nie-lokatiewe naamwoorde)

SAMEVATTEND KAN DIE OOREENKOMSTES EN VERSKILLE TUSSEN DIE NAAMWOORDE AS VOLG SAAMGEVAT WORD:

| | ± Deskriptiewe valensie | ± Valensie vir deskriptiewe bepalings |
|---|---|---|
| Nie-lokatiewe naamwoorde | - | - |
| Lokatiewe naamwoorde | + | - |
| Infinitiewe naamwoorde | ∓ | + |

2.1.2 Die klassifikasieprinsipes toegepas op die werkwoord (58

Om die werkwoord in sy verskillende subkategorieë te klassifiseer sal dieselfde disiplines gebruik word wat aangewend is vir die subkategorisering

van die naamwoord.

2.1.2.1 Die morfologiese kenmerke

2.1.2.1.1 Prefigale morfeme (59

Soos die naam aandui, is hierdie mor=feme morfeme wat voor die werkwoord=stam voorkom.

2.1.2.1.1.1 Skakelmorfeme (60

Hierdie morfeme dui die getal en per=soonskategorie aan. Daar bestaan twee reekse naamlik die onderwerpsmor=feme en die voorwerpsmorfeme.

A. Onderwerpsmorfeme (61

Onderwerpsmorfeme verteenwoordig die onderwerp in die gesegde. Hier=die verteenwoordiging geskied ge=woonlik ten opsigte van klas en ge=tal maar soms gebeur dit dat daar wel 'n verskil voorkom. A.g.v. hierdie verskil verdeel die onder=werpsmorfeem in veranderlike en nie-veranderlike onderwerpsmorfeme.

(a) Die veranderlike onderwerps=morfeme (62

Tussen hierdie morfeme en die naamwoord (onderwerpsbepaling), bestaan daar 'n kategoriale ooreenstemming ten opsigte van klas en getal. Hierdie onder=werpsmorfeem word afgelei van die naamwoord of die groep wat as onderwerp gebruik kan word, bv.:

Mosimane o-itse kgarebê sentlê ka gore ba-ithutilê mmôgô.
Die seun ken die meisie goed want hulle het saam studeer.

Dihudi di-tsalêla mô mêtsing.
Wilde eende broei op die water.

Werkwoorde wat 'n veranderlike on=derwerpsmorfeem neem, gaan saam met 'n predikatiewe valensie.

(b) Die onveranderlike onderwerps=morfeme (63

Hierdie onderwerpsmorfeme, in teen=stelling met veranderlike onderwerps=morfeme, dui nie kategoriale ooreen=stemming aan ten opsigte van klas of getal nie.

(i) Die klaslose onderwerpsmorfeem (64

Hierdie klaslose onderwerpsmorfeem -e- word as skakel by die identi=fiserende kopulatief gebruik.

A o-bône, e-nê e-le ditau?
Het jy gesien, dit was leeus?

Soos by die werkwoordstamme met die veranderlike onderwerpsmorfeem, het die werkwoordstamme met die klaslose onderwerpskakel, 'n pre=dikatiewe valensie.

(ii) Die onbepaalde onderwerpsmorfeem (Onveranderlike onderwerpsmorfeem) (65

Die onbepaalde onderwerpsmorfeem kom vormlik ooreen met die onder=werpsmorfeem van die lokatiefklas. Die naam kan miskien gekoppel word aan die gedagte dat die onderwerps=morfeem na geen bepaalde onderwerp verwys nie.

Go-jewa kwa gae.
Daar word by die huis geëet.

Go-foka phefô.
Daar waai 'n wind.

(iii) Die verstarde onderwerpsmorfeem (66

Hierdie onderwerpsmorfeem het heel=temal aan die werkwoordstam verstar.

Ebilê batho ba-tla-lema mabêlê.
Boonop sal die mense koring plant.

Ekete bojang bo-tla-tlhoga.
Dit wil voorkom asof die gras sal groei.

B. Voorwerpsmorfeme (67

Tussen hierdie morfeem en die voorwerp waarvan dit afgelei is bestaan daar kategoriale ooreenstemming ten opsigte van klas en getal.

Batsomi ba-tla-hula ditau.
Die jagters sal leeus skiet.

Batsomi ba-tla-di-hula.
Die jagters sal hulle skiet.

Mogokgo o-batla mosimane.
Die hoof soek die seun.

Mogokgo o-a-mmatla.
Die hoof soek hom.

Thakadu e-rata go-fata.
'n Erdvark hou daarvan om te grawe.

Thakadu e-a-go-rata.
'n Erdvark hou daarvan.

Dit is glad nie noodsaaklik om na 'n voor=werp te verwys met behulp van 'n voorwerp=skakel nie. Dit sou dus nie moontlik wees om die voorwerpsmorfeem te gebruik vir die klassifikasie van werkwoorde in sy verskil=lende kategorieë nie.

Die betekenis van die stam van 'n werkwoord bepaal die moontlikheid om 'n voorwerpsbe=paling te neem al dan nie; dit berus nie by een of ander morfologiese kenmerk nie.

C. Die refleksiewe morfeem (68

Die refleksiewe morfeem -iN- vertoon sekere kenmerke wat eie is aan die skakelmorfeme. In die gesegde neem dit die presiese po=sisie van die voorwerpsmorfeem. Die re=fleksiefmorfeem verwys ook na die onderwerp. Die refleksief dui dus aan dat die onderwerp en die voorwerp dieselfde is.

Molemi o-ijwalêla motsoko.
Die saaiboer kweek sy eie tabak.

Katse e-itsomêla dipêba.
Die kat jag vir homself muise.

Omdat die refleksiewe morfeem nie gebruiksverskille of ooreenkomstes konstateer nie, kan dit ook nie gebruik word vir die subkategorisering van die werkwoorde nie.

D. Die klasmorfeem plus stam (69

Alle werkwoordstamme wat die infinitiewe prefiks go- neem, word gesien as werkwoorde wat bestaan uit klasprefiks plus stam.

go-rôbala mô ntlong
om in die huis te slaap

go-ja nala
om te kuier

Werkwoorde met hierdie struktuur (klasprefiks plus stam) het geen predikatiewe valensie nie.

2.1.2.1.1.2 Die Aktualiteitsmorfeme (70

Die aktualiteitsmorfeme word in drie tipes verdeel en hulle word gebruik om te negeer. Hierdie morfeme word ook

nog in die verskillende modi gebruik.

(a) Die negatiewe morfeem ga-
(Vir gebruik by die indikatiewe modus)

Gompiêno dikgômo ga-di-fule monate.
Vandag wei die beeste nie lekker nie.

Bana ga-ba-ye tôrôpông ba-se-na madi.
Kinders gaan nie dorp toe sonder geld nie.

(b) Die negatiewe morfeem sa-
(Vir gebruik by die partisipiale modus)

Fa barutiwa ba-sa-ithute ga-ba-nke ba-falola.
As die leerlinge nie leer nie sal hul=le nie slaag nie.

Fa phefô e-sa-foke ga-re-sitwe.
As die wind nie waai nie kry ons nie koud nie.

(c) Die negatiewe morfeem se-
(Hoofsaaklik in die subjunktiewe, infinitiewe, imperatiewe en kon=sekutiewe modi)

Phuduhudu ya-se-tabogê e-bôna ntša.
Die steenbok hardloop toe nie weg
toe hy die hond sien nie.

Wêna o-se-tsamayê.
Jy moet nie loop nie.

Hierdie aktualiteitsmorfeme gaan ook nie saam met enige valensionele ooreen=komstes of verskille nie en kan dus ook nie gebruik word vir 'n klassifikasie van die werkwoorde nie.

2.1.2.1.1.3 Die modale morfeem (71

Dié modale morfeem word gevorm deur 'n konsekutiewe -a- wat assimileer aan 'n morfeem identies met die onderwerps=morfeem.

Ntša ya-dupa tau, ya-ingata ka mogatla.
Die hond ruik toe 'n leeu en hardloop toe weg.

Ra-simolola go-utlwa motho a-rêra jalo.
Dit is die eerste keer dat ons 'n mens so hoor preek.

Die konsekutiewe morfeem lewer ook nie valensionele ooreenkomstes of verskille nie en kan daarom ook nie gebruik word by 'n klassifikasie nie.

2.1.2.1.1.4 Aspektuele morfeme (72

Die volgende twee aspektuele morfeme kan as prefigale morfeme by die werk=woordstam gebruik word:

(a) Die progressiewe morfeem sa-

Pula e-sá-na.
Die reent reent nog.

Lobônê lo-sá-tuka.
Die lig brand nog.

(b) Die potensiale morfeem ka-
Ela tlhôkô, ntša e-ka-go-loma.
Wees versigtig, 'n hond kan jou byt.

Fa o-rata re-ka-dira jalô.
As jy wil kan ons so handel.

Die aspektuele morfeme lewer ook nie enige valensionele eienaardigheid nie en kan dus daarom nie gebruik word vir klassifikasiedoeleindes nie.

2.1.2.1.1.5 Die temporale morfeem (73

Die toekomende tyd temporale morfeem -tla- kom voor die werkwoordstam.

Bana ba kgwale ba-tla-utlwana ka molôdi
Soort soek soort - idiomatiese uitdruk=king.

Morafe o-tla-utlwa ka kgosi.
Die volk sal hoor wat die koning sê.

Sommige grammatici sien dié temporale morfeem as 'n aspektuele morfeem. Die temporale morfeem tla is nie koïnsident met enige valensionele eienaardighede nie en kan dus nie gebruik word vir klassifikasie nie.

2.1.2.1.2 Die suffigale morfeme van die werk=woordstam (74

Werkwoordstamme in Tswana, net soos by die ander Bantoetale, neem ook suf=figale morfeme. Omdat juis dié suffi=gale morfeme die belangrikste morfolo=giese eienskap is wat hulle van die ander tale van die wêreld onderskei, moet die gebruik van hierdie suffigale morfeme ook ondersoek word om vas te stel of daar nie morfologiese kenmerke is wat saamgaan met valensionele ver=skille nie.

Daar word onderskei tussen uitgangsmor=feme en afleidingsmorfeme.

## 2.1.2.1.2.1 Die afleidingsmorfeme (75

Sodra 'n afleidingsmorfeem aan 'n werk=woordstam gevoeg word, verander die se=mantiese inhoud daarvan. Saam met die semantiese inhoud verander ook die va=lensie van die werkwoordstam.

Die afleidingsmorfeme se gebruiksfre=kwensie verskil heelwat en op grond hiervan kan die morfeme verdeel word in byvoorbeeld:

(i) Die verstarde agtervoegsels
(ii) Die semi-aktiewe agtervoegsels
(iii) Die aktiewe agtervoegsels

A. Die verstarde of onaktiewe agter=voegsels (76

Hierdie morfeme vorm saam met die stam 'n eenheid en kan dus nie van die stam geskei word nie. Dit wil blyk of die oorspronklike stamme heeltemal onaktief geword het.

Die volgende verstarde suffigale morfe=me word aangetref:

(i) Deïdeofoniese agtervoegsels

-<u>la</u>; -<u>ga</u>; -<u>ma</u>; -<u>ala</u>;

(ii) Duratiewe agtervoegsel

-aya

(iii) Die kontaktiewe agtervoegsel

-ar-

(iv) Die posisionele agtervoegsel

-am-

(v) Die dispensiewe of statiewe agter=voegsel

-al- of -alal-

(vi) Die aktiewe agtervoegsels aan ou stamme

-êt-; -an-; -al-; -og-; -ol-; of

-olol-; -eg-; -an-

B. Semi-aktiewe agtervoegsels (77

Omdat hierdie agtervoegsels slegs saam met 'n beperkte aantal werkwoord=stamme gebruik word, word hulle, hoe=wel aktief, die semi-aktiewe agter=voegsels genoem.

(i) Die inversief-transitiewe agter=voegsel

-ol- en -olol-

(ii) Die inversief-intransitiewe agtervoegsel
-og- en -olog-

(iii) Die repetitiewe of ekstensiewe agtervoegsel
-ak-

(iv) Die denominatiewe verbaliserende agtervoegsel
-fal-

(v) Die neutro-passiewe agtervoegsel
-êg-

(vi) Die neutro-aktiewe agtervoegsel
-agal of -al-

C. Die aktiewe afleidingsmorfeme (78

Hierdie afleidingsmorfeme kan aan feitlik al die werkwoordstamme gevoeg word. Die volgende aktiewe afleidings=morfeme word aangetref:

(i) Die resiprokale agtervoegsel
-an-

(ii) Die kousatiewe agtervoegsel
-is- of -y-

(iii) Die applikatiewe of direktiewe agtervoegsel
-ê1-

(iv) Die passiewe agtervoegsel
-w- of -iw-

(v) Die perfektum agtervoegsel
-il-

Die afleidingsmorfeme wat hierbo be=spreek is verander die valensie van die werkwoordstamme. Dit beïnvloed die oorganklikheid of onoorganklikheid van die werkwoordstamme. Al word die valensies van die werkwoordstamme verander deur die afleidingsmorfeme, kan die afleidingsmorfeme nie vir klassifikasiedoeleindes aangewend word nie omdat werkwoordstamme sonder enige afleidingsmorfeme, onoorganklik of oorganklik kan wees.

2.1.2.1.2.2 Uitgangsmorfeme (79

Uitgangsmorfeme dui een of ander gram=matiese kategorie aan, met ander woor=de, dit is morfeme wat een of ander modus of aktualiteit uitdruk. Uit=gangsmorfeme is nie koïnsident met 'n valensionele kenmerk nie en kan dus nie

as klassifikasiekriteria gebruik word nie.

2.1.2.1.3 Die werkwoordstam sonder prefigale morfeme (80

Die werkwoordstamme wat gebruik word sonder prefigale morfeem is die impera= tiewe. Hoewel hierdie werkwoordstamme sonder prefigale morfeme gebruik word het hulle 'n korrelaat wat die ver= anderlike onderwerpsmorfeme sowel as die veranderlike voorwerpsmorfeme kan insluit.

Lema tshimo!
Ploeg die land!

O-lemê tshimo!
Ploeg jy die land!

O-e-lemê!
Ploeg jy dit!

Omdat hierdie werkwoordstam 'n onder= werpsmorfeem kan neem, is dit predi= katief.

2.1.2.1.4 Die klassifikasie van die werkwoorde op grond van hulle morfologiese kenmerke (81

Nadat die morfologiese kenmerke wat

saamgaan met valensionele kenmerke in aanmerking geneem is, kan die werk=woorde nou in twee subkategorieë in=gedeel word:

(i) Predikatiewe werkwoorde

Predikatiewe werkwoorde neem die volgende noodsaaklike morfeme:

(a) die veranderlike onderwerps=morfeem

(b) die onveranderlike onder=werpsmorfeem

(c) die onbepaalde onderwerps=morfeem

(d) die stam alleen

(ii) Nie-predikatiewe werkwoorde

Die nie-predikatiewe werkwoorde is werkwoorde wat die volgende morfeme neem:

(a) klasprefiks

(b) die verstarde onderwerps=morfeem

2.1.2.2 Valensionele kenmerke (82

Indien die valensionele kenmerke van die werkwoord bestudeer word, blyk duidelik dat sommige werkwoorde 'n valensie het vir bepalings en ander werkwoorde 'n valensie het vir kom= plemente.

2.1.2.2.1 Valensie vir bepalings

(a) Voorwerpsbepalings (83

Die mees algemene bepaling wat 'n werkwoordstam kan neem is 'n voorwerpsbepaling. Hierdie werk= woordstamme word slegs beperk tot die oorganklike werkwoordstamme.

Kgôsi e-tla-phunya mafokô.
Die kaptein sal die gesprek inlei.

Lepôdisi le-loga segwê
Die polisieman stel 'n hinderlaag op.

(b) Deskriptiewe bepalings (84

Sommige werkwoordstamme, waaronder ook die onoorganklike stamme sor= teer, het 'n valensie vir deskrip= tiewe bepalings.

Lesea le-êma sentlê.
Die baba staan mooi op.

Monnamogolo o-ikôkôtêla ka seikôkôtêlô.
Die ou man loop met 'n wandelstok.

Rona re-gama dikgômo mô lesakêng.
Ons melk beeste in die kraal.

Omdat daar so 'n groot verskeidenheid deskriptiewe bepalings is, het Krüger (1971 p. 28 - 30) 'n klassifikasie gemaak in soverre dit die deskriptiewe bepalings aangaan. Hy onderskei in primêre (nie-werkwoordelike deskriptiewe bepalings), sekondêre (werkwoordelike deskriptiewe bepalings) en tersiêre deskriptiewe bepalings.

2.1.2.2.2 Werkwoorde met 'n valensie vir Komplemente (85

'n Ander groep werkwoorde het 'n valensie vir komplemente. Dié werkwoorde kan op hulle beurt onderverdeel word in twee groepe.

Die indeling geskied op grond van die verskil in woordinhoud van die komple=

mente, naamlik:

(i) Werkwoorde met werkwoordelike komplemente (86

Ditshwêne di-nna di-re-tshwênya.
Die bobbejane pla ons aanhoudend.

Re-tla-lala re-sitwa.
Ons sal vannag koud kry.

(ii) Werkwoorde wat nie-werkwoordelike komplemente neem nie (87

Ke-nwa mêtsi a-le teng.
Ek drink water as dit beskikbaar is.

Noka e-na le mêtsi a a leswê.
Die rivier het vuil water.

2.1.2.2.3 Die klassifikasie van werkwoorde op grond van hulle valensionele eienskappe (88

Om die werkwoorde nou in subkategorieë in te deel moet die resultaat van die klassifikasieprinsipes gebruik word. Die indeling wat gemaak word moet só gedoen word dat die valensionele kategorieë so omvattend moontlik moet wees sodat al die subkategorieë

in die hoofdelike kategorieë ingesluit word.

Indien die valensies onderling vergelyk word, blyk dit dat die werkwoorde in twee hoofdelike valensionele groepe inge=deel moet word, naamlik:

(i) in 'n groep wat net 'n valensie het vir deskriptiewe bepalings

(ii) (a) in 'n groep wat 'n valensie het vir werkwoordelike komplemente en

(b) (b) in'n groep met 'n valensie vir nie-werkwoordelike komplemente

Die eerste groep werkwoorde kan dan nor=maalweg beskou word as <u>werkwoorde</u> en die tweede groep moet dan gesien word as <u>hulpwerkwoorde</u> en <u>kopulatiewe werkwoorde</u>.

Die hulpwerkwoorde het slegs 'n valensie vir werkwoordelike komplemente (vgl. par. 86) en die kopulatiewe werkwoorde het weer 'n valensie vir nie-werkwoordelike komplemente. (Vgl. par. 87).

2.1.2.2.4 Die morfologiese en valensionele ken=merke van die werkwoord: opsommend

Indien die morfologiese en valensionele kenmerke van die werkwoord nou met me=kaar vergelyk word, word gevind dat daar weer 'n korrelasie is. Morfolo=gies kan die werkwoord verdeel word in predikatiewe en nie-predikatiewe werkwoorde.

Valensioneel kan die werkwoorde in twee groepe verdeel word. Daar be=staan 'n groep wat 'n valensie het vir bepalings en 'n groep wat 'n va=lensie het vir komplemente. Die groep wat 'n valensie het vir bepalings word werkwoorde genoem en die groep wat valensie het vir komplemente sal bekend staan as kopulatiewe werkwoorde en hulpwerkwoorde. Die groep wat 'n valensie het vir komplemente kan ver=der gesubkategoriseer word in:

(i) 'n groep met predikatiewe kom=plemente (hulpwerkwoorde)

(ii) 'n groep met nie-predikatiewe komplemente (kopulatiewe werk=woorde)

Skematies kan die valensionele en morfolo=
giese ooreenkomstes en verskille soos volg
aangedui word:

| VALENSIONEEL | MORFOLOGIES | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Predikatiewe werkwoorde | | | | Nie-predikatiewe werkwoorde | |
| | Veranderlike onderwerpsmorfeem | Onveranderlike onderwerpsmorfeem | Onbepaalde onderwerpsmorfeem | Die stam alleen | Klasprefiks | Verstarde onderwerpsmorfeem |
| Werkwoorde (Valensie vir bepalings) | + | - | + | + | + | - |
| Hulpwerkwoorde (Valensie vir predikatiewe komplemente) | + | + | + | - | + | + |
| Kopulatiewe hulp=werkwoorde (Va=lensie vir nie-pred. kompl. | + | + | + | - | + | - |

## 2.1.3 Die klassifikasieprinsipes toegepas op die hulpwerkwoord (89

Dieselfde klassifikasietegnieke wat by die werkwoord toegepas is, sal ook hier ge= bruik word om die hulpwerkwoord te subkate= goriseer.

### 2.1.3.1 Morfologiese kenmerke (90

Die morfologiese kenmerke van die hulpwerk= woord subkategoriseer die hulpwerkwoord ook in twee subkategorieë, naamlik, pre= dikatiewe hulpwerkwoorde en nie-predikatiewe hulpwerkwoorde. Die predikatiewe hulp= werkwoorde neem die volgende noodsaaklike morfeme:

(a) die veranderlike onderwerpsmorfeem
(b) die onveranderlike onderwerpsmorfeem
(c) die onbepaalde onderwerpsmorfeem

Die nie-predikatiewe hulpwerkwoorde is hulpwerkwoorde wat die volgende morfeme insluit:

(a) die klasprefiks
(b) die verstarde onderwerpsmorfeem

### 2.1.3.2 Valensionele kenmerke (91

Krüger (1967 p. 160) subkategoriseer

die hulpwerkwoord in twee kategorieë, naamlik, onverplaasbare hulpwerkwoorde en verplaasbare hulpwerkwoorde.

2.1.3.2.1 Valensionele kenmerke van onverplaas=bare hulpwerkwoorde (92

Hierdie hulpwerkwoorde sluit hulpwerk=woorde in wat 'n kernvalensie het vir predikatiewe groepe wat volgens Krüger (1967 p. 160), "hoogstens primêre de=skriptiewe nabepalings insluit".

2.1.3.2.2 Valensionele kenmerke van die verplaas=bare hulpwerkwoorde (93

Verplaasbare hulpwerkwoorde het 'n kern=valensie vir dieselfde komplemente as van die onverplaasbare hulpwerkwoorde maar die komplemente self kan ook nog 'n kernvalensie hê vir onderwerpsbepalings en sekondêre deskriptiewe bepalings.

Hierdie hulpwerkwoorde wat oor bogenoemde eienskappe beskik, het dus 'n kenmerk vir verplaasbaarheid.

2.1.3.3 Morfologiese en valensionele kenmerke van die hulpwerkwoord: Opsommend (94

Die morfologiese en valensionele ken=merke van die hulpwerkwoord moet nou

vergelyk word ten einde vas te stel of die kenmerke met mekaar korreleer.

2.1.3.3.1 Die onverplaasbare hulpwerkwoorde (95

Hierdie hulpwerkwoorde het 'n predika=tiewe valensie en bevat die volgende morfeme:

(a) die onveranderlike onderwerpsmorfeem
(b) die veranderlike onderwerpsmorfeem
(c) die onbepaalde onderwerpsmorfeem

2.1.3.3.2 Die verplaasbare hulpwerkwoorde (96

Hierdie hulpwerkwoorde het nie 'n pre=dikatiewe valensie nie. In hierdie groep word dan

(a) die infinitiewe hulpwerkwoorde en

(b) die hulpwerkwoorde met die onver=anderlike onderwerpsmorfeem geklas=sifiseer, (Swanepoel p. 51).

2.1.4 Die klassifikasieprinsipes toegepas op kopulatiewe werkwoorde (97

Net soos by die werkwoord kan hier aanvaar word dat die resultaat wat verkry is by die subkategorisering van die werkwoord=klas ook hier van toepassing sal wees.

Hier sal dus gepraat word van nie-pre=
dikatiewe kopulatiewe werkwoorde en pre=
dikatiewe kopulatiewe werkwoorde.

2.1.4.1 Die morfologiese kenmerke van die kopu=
latiewe werkwoorde (98

Die morfologiese kenmerke van die kopu=
latiewe werkwoord subkategoriseer die
kopulatiewe werkwoord ook in twee sub=
kategorieë, naamlik, predikatiewe kopu=
latiewe werkwoorde en nie-predikatiewe
kopulatiewe werkwoorde. Die predikatiewe
kopulatiewe werkwoorde neem, net soos
die werkwoorde en hulpwerkwoorde, die
volgende noodsaaklike morfeme:

(a) die onveranderlike onderwerpsmorfeem
(b) die veranderlike onderwerpsmorfeem
(c) die onbepaalde onderwerpsmorfeem

Die nie-predikatiewe kopulatiewe werk=
woorde sluit die volgende morfeem in:

die klasprefiks

2.1.4.2 Die valensionele kenmerke van die kopu=
latiewe werkwoorde (99

Kopulatiewe werkwoorde kan valensioneel
ook in twee groepe gesubkategoriseer
word. Die een groep kopulatiewe

werkwoorde het 'n valensie vir onder=
werpsbepalings en die ander groep nie.

Die kopulatiewe werkwoorde wat nie 'n valensie het vir onderwerpsbepalings nie, maak nie 'n onderskeid tussen die verskillende kopulatiewe verhoudinge nie, omdat daar geen onderwerpsbepaling is waarmee die komplement 'n verhouding kan hê nie.

In teenstelling hiermee tref ons wel 'n onderskeid aan tussen die kopulatiewe verhoudinge waar daar wel 'n onderwerps= bepaling is.

2.1.4.3 Die morfologiese en valensionele kenmerke van die kopulatiewe werkwoorde: Opsommend (100


Die predikatiewe kopulatiewe werkwoorde tref wel 'n onderskeid tussen die kopu= latiewe verhoudinge: identifiserend, definiërend en assosiërend. Hierteen= oor staan die nie-predikatiewe kopula= tiewe werkwoorde wat geen onderskeid tref tussen die kopulatiewe verhoudinge nie.

2.2 SAMEVATTEND (101

Soos blyk uit die bevindinge hierbo, het

die infinitief 'n dubbele woordklas= status. Die infinitief is sowel naam= woordelik as werkwoordelik. As werk= woord kan dit gesubkatigoriseer word in infinitiewe werkwoorde, die infini= tiewe hulpwerkwoord en die infinitiewe kopulatiewe werkwoord.

Skematies kan die infinitief met sy dubbele woordklasstatus soos volg voorgestel word



# HOOFSTUK 3

## MORFOLOGIESE KENMERKE VAN DIE INFINITIEF

## 3.1 DIE MORFOLOGIESE KENMERKE VAN DIE INFI= NITIEWE WERKWOORD

### 3.1.1 Die paradigmatiese kenmerke van die in= finitiewe werkwoord

Ten einde die morfologiese kenmerke van die infinitiewe werkwoord paradigmaties te benader, sal daar by die volgende ken= merke van die infinitief stil gestaan word:

#### 3.1.1.1 Die prefigale morfeme (102

(i) Die prefigale morfeem go-

Alle werkwoordstamme kan die infini= tiewe prefigale morfeem go- neem.

| | |
|---|---|
| go-dira | (om te werk) |
| go-rôbala | (om te slaap) |
| go-kwala | (om te skryf) |

(ii) Die infinitiewe werkwoord met 'n voorwerpsmorfeem (103

Omdat die infinitiewe werkwoord 'n

valensie het vir voorwerpsbepalings, kan die infinitiewe werkwoord 'n voorwerps=morfeem neem.

go-ba-bôna ← go-bôna bana
om hulle te sien

go-di-gatêlêla ← go-gatêlêla dikgômo
om hulle aan te jaag

go-se-êpa ← go-êpa sediba
om dit te grawe

go-e-mo-fa ← go-e-fa ngwana
om dit vir hom te gee

(iii) Die infinitiewe werkwoord saam met die progressiewe morfeem (104

Die infinitiewe werkwoord neem die progressiewe sá- om aan te dui dat die handeling nog aan die gang is.

go-sá-rêêtsa
om nog te luister

go-sá-lema
om nog ploeënde te wees

go-sá-rôbala
om nog aan die slaap te wees

go-sá-e-bêsa
om dit nog te braai

(iv) Die infinitiewe werkwoord saam met die potensiale morfeem (105

Die potensiale ka- kan vrywel saam met die infinitiewe werkwoord gebruik word om aan te dui dat 'n handeling moontlik kan geskied.

go-ka-sia
om te kan/mag weg hardloop

go-ka-gama
om te kan/mag melk

go-ka-fôla
om te kan/mag genees

go-ka-e-suga
om dit te kan brei

(v) Die infinitiewe werkwoord in die toekomende tyd (106

Die infinitiewe werkwoord kan die toekomende tyd-morfeem -tla- neem.

go-tla-rêka
om te koop (in die toekoms)

go-tla-rapêla
om te bid (in die toekoms)

go-tla-itse
om te weet (in die toekoms)

go-tla-ba-roma
om hulle te stuur (in die toekoms)

(vi) Die infinitiewe werkwoord in die negatief (107

Die infinitiewe werkwoord kan ook negeer. Die negatiewe morfeem se- word voor die werkwoordstam geplaas.

go-se-gôtlhôlê
om nie te hoes nie

go-se-ôtsêlê
om nie vaak te wees nie

go-se-ngwêgê
om nie te dros nie

go-se-di-gamê
om hulle nie te melk nie

'n Tweede negatief vir die infinitiewe werkwoord kan volgens Cole (p. 237) ook gevorm word deur gebruik te maak van die negatiewe morfeem sa-,

voor die werkwoordstam, terwyl die uitgangs -a verander na -e.

gosanwe
om nie te drink nie

gosadire
om nie te werk nie

gosarêke
om nie te koop nie

Sommige suidelike dialekte suffigeer 'n -ng aan laasgenoemde vorm.

gosanweng
om nie te drink nie

gosadireng
om nie te werk nie

Die infinitiewe werkwoord kan ook in 'n negatief van die perfektum ver=skyn. (Cole p. 238).

gosàtsamaya
om nie te geloop het nie

gosàrêka
om nie te gekoop het nie

Gosàbitsa mapôdise gônê kanakô êo
enê ele phôšô êkgolo.
Om nie die polisie op daardie tyd=stip te geroep het nie, was 'n groot fout.

(vii) Die infinitiewe werkwoord kan ook die refleksiewe morfeem -iN- neem. (108

go-ipôna
om jouself te sien

go-se-ipônê
om jouself nie te sien nie

go-e-ipêsêtsa
om dit vir jouself te braai

### 3.1.1.2 Die uitgangsmorfeme

A. Die uitgangsmorfeem -a (109

Dit is 'n morfologiese kenmerk van die infinitiewe werkwoord dat hy die uitgangsmorfeem -a in die eenvoudige vorm neem.

go-lema (om te ploeg)

Slegs enkele voorbeelde word aange=tref waar die uitgangsmorfeem nie 'n

-a is nie, byvoorbeeld:

go-itse (om te ken)

B. Die uitgangsmorfeem -e of -ê (110

Die negatiewe uitgangsmorfeem is konkomitant met die negatiewe prefi=gale morfeem -se- of -sa-. Dit is slegs dialektiese verskille.

go-se-robalê
om nie te slaap nie

go-sa-gôge
om nie te rook nie

3.1.1.3 Afleidingsmorfeme by die infinitiewe werkwoord (111

Die afleidingsmorfeme verander die se=mantiese inhoud van die werkwoordstam en die gebruike daarvan.

Die gebruiksmoontlikheid van die aflei=dingsmorfeme deel hulle self in drie groepe in:

A. Die verstarde afleidingsmorfeme (112

Hierdie agtervoegsels is onskeibaar van die

infinitiewe werkwoordstam. Hulle verskyn aan die werkwoordstamme waarvan die oor= spronklike stamme heeltemal onaktief ge= raak het. Die volgende verstarde aflei= dingsmorfeme is waarneembaar:

(i) Die kontaktiewe agtervoegsel
-ar-

(ii) Die dispensiewe agtervoegsel
-al- en -alal-

(iii) Die posisionele agtervoegsel
-am-

(iv) Die duratiewe agtervoegsel
-aya-

(v) Die deïdeofoniese agtervoegsel
-la-; -ga-

(vi) Die aktiewe agtervoegsels aan ou stamme
-êl-; -an-; -al-; ôg-; -ol-

B. Die onaktiewe afleidingsmorfeme (113

Hierdie morfeme kan slegs aan 'n beperkte aantal stamme gevoeg word in vergelyking met die aktiewe suffigale morfeme:

(i) Die inversief-transitief
-<u>ol</u>- en -<u>olol</u>-

(ii) Die inversief-intransitief
-<u>og</u>- en -<u>olog</u>-

(iii) Die neutro-passief
-<u>eg</u>-

(iv) Die repitatiewe agtervoegsel
-<u>ak</u>-

(v) Die denominatiewe agtervoegsel
-<u>af</u>-

C. Die aktiewe afleidingsmorfeme (114

Soos die naam aandui is hierdie stamme baie aktief. Hulle kan ook aan die meeste werkwoordstamme gesuffigeer word.

Die infinitiewe werkwoord het egter nie valensie vir die perfektumafleidingsmor= feem nie. Die aktiewe suffigale morfeme wat saam met die infinitiewe werkwoorde gebruik kan word is die volgende:

(i) Die resiprokale agtervoegsel
-<u>an</u>-

(ii) Die kousatiewe agtervoegsel
-<u>is</u>- en -<u>y</u>-

(iii) Die applikatiewe agtervoegsel
-<u>êl</u>-

(iv) Die passiewe agtervoegsel
-<u>iw</u>- en -<u>w</u>-

3.1.2 Die sintagmatiese morfologiese kenmerke van die infinitiewe werkwoord (115

Om by die sintagmatiese morfologiese ken= merke van die infinitief stil te staan, sal vereis dat sekere aspekte van woord= bou en woordanalise eers toegelig moet word.

Woordbou "is 'n proses of prosesse waar= deur 'n monomorfematiese of polimorfema= tiese woord deur die toevoeging van mor= feme verder opgebou word." (Laas p. 40).

"As postulaat word dan aanvaar dat die bouproses by die <u>woord</u> begin en nie vanaf woorddele of kombinasies van morfeme wat geen verband hou met woorde nie.

Die woordbouprinsipes word toegepas op 'n volledige woord as basis en nie op wor= tels of onbestaanbare morfeemreekse nie. Dit beteken dat ten minste een onmiddel- like komponent in elke lid van die para= digma van die woord 'n woordkorrelaat is.

Die aanwesigheid van argaîse woordkor=
relate doen nie hierdie prefikse geweld
aan nie." (Krüger: Woordanalise in Sotho
p. 1 & 2).

3.1.3 Faktore wat die ordening van morfeme by die infinitiewe werkwoord beînvloed (116

In hierdie afdeling sal die woordbouproses eintlik omgekeer word. Die hiërargiese ordening van die morfeme in elke infini= tiewe werkwoord, sal die wyse aantoon waarop dié bepaalde woord gevorm word.

Soms sal daar onsekerheid wees oor die on= middellike komponent deurdat meer as een korrelaat in 'n bepaalde paradigma op 'n on= middellikheid aanspraak maak. Hierdie on= sekerheid kom voor wanneer daar twyfel be= staan oor watter een van die twee, of meer, grammatiese morfeme eerste geanaliseer moet word.

Sodra hierdie probleem nou aangetref word, betrek dit onmiddellik twee aspekte van die morfologiese struktuur van die woord, nl. <u>hiërargiese ordening</u> en <u>konkomitantheid</u> van grammatiese morfeme. (Krüger: Woord= analise in Sotho p. 4).

Die hiërargiese ordening behels die rang= orde van die morfeme in die groter geheel.


Die rangorde word aangedui deur:


(i) die plasing van die morfeme

(ii) woordkorrelate en

(iii) die hegtheid van die kategoriale verband


Morfeme wat meer periferaal is, het 'n laer rangorde as woorde wat minder periferaal is. (Krüger: Woordanalise in Sotho p. 4). Bestudeer die analise by die volgende twee voorbeelde:







By analise moet die morfeem met 'n laer rangorde (117 eers uitgehaal word. Uit bogenoemde voorbeelde blyk dit dus duidelik dat die woordkorrelaat van go-romêlwa niks anders kan wees as go-romêla nie. Die passiewe -w- is meer periferaal en het dus 'n laer rangorde. Naas die rangorde kan die hegtheid van die semantiese verband van 'n morfeem ook gebruik word om die rangordening vas te stel. Hoe hegter die semantiese verband des te hoër die rangorde.

VOORBEELDE:



go-tla-mo-lemêla (om vir hom te ploeg - in die toekomende tyd)
gram. morfeem
Stam
mo-
go-tla-lemêla
voorwerpsmorfeem klas 1


go-tla-mo-lemêla (om vir hom te ploeg - in die toekomende tyd)
gram. morfeem
Stam
tla-
go-mo-lemêla
toekomende tyd-morfeem

In die werkwoord go-tla-mo-lemêla (om vir hom te sal ploeg) het die voorwerpsmorfeem mo- 'n hegter seman= tiese verband met go-tla-lemêla as wat die toekomen= de tyd-morfeem -tla- het met ba-mo-lemêla.

Die groter hegtheid hier word veroorsaak deur die applikatiewe -êl-.

Twee of meer morfeme kan ook gelykberegtig ge= orden wees. By 'n analise moet sulke morfeme dan gelyktydig uitgehaal word. (118




### 3.1.4 Die hiërargiese ordening van morfeme by 'n infinitiewe werkwoord

### 3.1.4.1 Die ordening van die prefigale morfeme (119

Die noodsaaklike morfologiese stuktuur van hierdie woordklas is die infinitiefprefiks + wortel + uitgangsmorfeem. Die morfeme wat in die struktuur van hierdie werkwoord ingesluit kan word is reeds behandel in paragrawe 102 - 108 .


A. Die negatiewe morfeem se- (120

Omdat die negatiewe kategorie vanselfspre=kend die onderliggende vorm van die posi=tiewe kategorie is, sal dit hier eerste aandag geniet. Hierdie prefigale morfeem is konkomitant met die negatiewe uitgangs=morfeem -ê en moet dus noodsaaklikerwys hier genoem word.




B. Voorwerpsmorfeme (121

Die voorwerpsmorfeme is nou wel nie nood=saaklike morfeme nie maar omdat die infini=tiewe werkwoord nie 'n valensie het vir onderwerpsmorfeme nie, wil dit voorkom asof die voorwerpsmorfeem die hoogste rang=orde het van die prefigale morfeme. Die voorwerpsmorfeem is minder periferaal as die ander morfeme.




C. Die refleksiewe morfeem -iN- (122

Die refleksiewe morfeem -iN- het dieself=de rangorde as wat die voorwerpsmorfeem het.




D. Die toekomende tyd-morfeem (123


Soos reeds gemeld het dié morfeem 'n laer rangorde as die voorwerpsmorfeem. (Vgl. par. 121).




E. Die aspektuele morfeme sa- en ka-(124

Die twee morfeme het 'n laer rangorde as die toekomende tyd-morfeem.

Die progressiewe morfeem




Die potensiale morfeem




### 3.1.4.2 Die ordening van die suffigale morfeme

A. Die uitgangsmorfeme (125

Die basiese uitgangsmorfeem -<u>a</u> is reeds by die totale werkwoordvorm as noodsaak=like morfeem ingesluit soos dit duidelik blyk uit die volgende voorbeeld:




B. Die afleidingsmorfeme

(i) Die verstarde afleidingsmorfeme

(126

Die verstarde afleidingsmorfeme het 'n hoër rangorde as enige ander mor= feem omdat dié morfeme tot deel van die stam versmelt het.

Hierdie morfeme kan nie aan verskil= lende stamme gevoeg word nie, hulle is geheel en al onproduktief. Die oorspronklike stamme is ook nie meer bruikbaar in die taal nie. Die stam en die suffiks is onskeibaar.


Omdat die verstarde agtervoegsels on= skeibaar is met die stam kan hulle

nie teenoor mekaar geplaas word vir ordening nie. Hulle het dus almal dieselfde "rangorde".

(ii) Die semi-aktiewe agtervoegsels (127

Semi-aktiewe agtervoegsels het 'n hoër rangorde as die aktiewe agter= voegsels. Hierdie agtervoegsels kan slegs saam met 'n beperkte aantal stamme gebruik word.

Die semi-aktiewe agtervoegsels sal nie almal bespreek word nie. Die onmiddellike komponente van die werk= woorde waarin een semi-aktiewe af= leidingsmorfeem voorkom sal dan soos volg ontleed word:




go-bôfologa (om los te gaan)

- gram. morf.
  - -olog-
    - inversiewe intransitiewe morfeem
- Stam
  - go-bôfa
    - korrelaat


go-diragala (om plaas te vind)

- gram. morf.
  - -agal-
    - neutro-aktiewe morfeem
- Stam
  - go-dira
    - korrelaat




Dit is proefondervindelik vasgestel dat slegs die neutro-passiewe agtervoegsel in kombinasie saam met die repetitiewe morfeem gebruik kan word.

Die neutro-passiewe afleidingsmorfeem is meer periferaal as die repetitiewe afleidingsmorfeem en sal dus eerste geanaliseer word.




(iii) Die aktiewe afleidingsmorfeme (128

Van die drie afleidingsmorfeme het die aktiewe afleidingsmorfeme die laagste rangorde. Die aktiewe afleidingsmorfeme het teenoormekaar ook 'n bepaalde


hiërargiese orde.


Die infinitiewe werkwoord neem nie al die afleidingsmorfeme nie. Die vasstelling van die hiërargiese orde sal met voorbeelde bepaal word.


Omdat die infinitiewe werkwoord tydloos is, kan dit nie die perfektumafleidings= morfeem neem nie.


(a) Die onmiddellike komponente van die werkwoord waarin een afleidings= morfeem voorkom (129

Hier volg voorbeelde om te illustreer hoe die werkwoord waarin een afleidingsmorfeem voorkom, geanaliseer kan word:




go-bônwa (om gesien te word)
gram. morf.
-w-
passief
Stam
go-bôna
korrelaat



go-ratana (om mekaar lief te hê)
gram. morf.
-an-
resiprokalis
Stam
go-rata
korrelaat




(b) Die kombinasie van aktiewe afleidings=morfeme met verstarde afleidings=morfeme

(i) Die kontaktiewe + resiprokalis


(130




(ii) Die posisionele + passief (131

'n Posisionele morfeem het semanties nie 'n valensie vir 'n passiewe morfeem nie.

(iii) Die dispensief + kousatief (132




(iv) Die duratiewe + applikatief (134




Uit bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat die verstarde agtervoegsels minder periferaal is, hulle het dus 'n hoër rangorde.

Die aktiewe agtervoegsels met die laer rangorde word dan eerste geanaliseer.


c. Die kombinasie van semi-aktiewe afleidingsmorfeme met aktiewe afleidingsmorfeme

(i) Resiprokalis + ekstensief (135




(ii) Die reversief-intransitief + kousatief


(136



(iii) Ekstensief + kousatief (137



(iv) Reversief-transitief + applikatief (138




(v) Reversief-intransitief + passief (139

Die reversief-intranitiewe morfeem het semanties nie 'n valensie vir 'n passiewe morfeem nie.


Uit die voorafgaande voorbeelde is die on= middellike komponente bepaal deur die meer periferale afleidingsmorfeme te analiseer. Telkens het dit duidelik geblyk dat die semi-aktiewe afleidingsmorfeme minder peri= feraal is as die aktiewe afleidingsmorfeme.

d. Die kombinasie van die aktiewe afleidings= morfeme onderling


(i) Kousatief + applikatief (140



(ii) Kousatief + passief (141



(iii) Kousatief + resiprokalis (142





Die behandelde voorbeelde toon aan dat die kousatiewe afleidingsmorfeem minder peri=feraal as die passief, applikatief of resiprokalis is.

Skematies kan die posisie van die kousatiewe afleidingsmorfeem so geskets word:


inf. pref. + wortel + kousatief + afleidings=morfeme + uitgang

1 2


(iv) Applikatief + passief (143



(v) Applikatief + resiprokalis (144




(vi) Die resiprokalis + applikatief (145




Bogenoemde voorbeelde stel dit asof die kom=binasie van die applikatief en reseprokalis omstelbaar is.

(vii) Resiprokalis + passief (146





Uit bogemoende voorbeeld blyk dit nou dat die passiewe morfeem meer periferaal is as die resiprokalis.


### 3.1.4.3 Die hiërargiese ordening van prefigale en suffigale morfeme (147

Suffigale morfeme het 'n hoër rangorde as die prefigale morfeme, aldus Krüger (Essays on Literature and Language, p. 51).

Hy sê: "In my opinion the semantic values of the suffixal ones are more closely connected to the stem than to number ... The infinitive is the most underlying structure of those of the various moods and verbal prefixes also have a lower structural primacy than the suffixal ones since the values of the latter are more closely related to the stem than those of the prefixes."

By die analise van so 'n werkwoord, wat bestaan uit prefigale en suffigale morfeme, sal so 'n analise dus as volg daar uitsien:




go-mo-nosêtsa
gram. morf.
Stam
mo-
go-nosêtsa
voorwerpsmorfeem
derde persoon
enkelvoud
gram. morf.
Stam
-êts
go-nosa
applikatief
gram. morf.
Stam
-is-
go-nwa
kousatief
korre=
laat

## 3.2 DIE MORFOLOGIESE KENMERKE VAN DIE INFINITIEWE KOPULATIEWE WERKWOORDE

### 3.2.1 Die paradigmatiese kenmerke van die infini= tiewe kopulatiewe werkwoord

A. Die prefigale morfeme

(i) Die prefigale morfeem go- (148

Die infinitiewe kopulatiewe werk= woord bestaan uit 'n infinitiewe prefigale morfeem go- en die kopula= tiewe werkwoorde -nna, -ba, -bê, bv.:

go-nna + komplement
go-ba + komplement
go-bê + komplement

Die kopulatiewe werkwoorde -ba en -bê behoort tot enkele dialekte en daarom sal slegs die mees algemene kopulatiewe werkwoord -nna hier vir bespreking gebruik word.

VOORBEELDE

| | |
|---|---|
| go-nna motho | (om mens te word) |
| go-nna bogale | (om kwaad te raak) |
| go-nna le diruiwa | (om diere te be= sit) |

(ii) Die potensiale prefigale morfeem ka- (149

go-ka-nna monna
om 'n man te kan wees

go-ka-nna leswê
om te kan vuil word

go-ka-nna le bakaulengwe
om te kan vriende hê

(iii) Die progressiewe prefigale morfeem sá- (150

go-sá-nna kgôsi
om nog koning te word

go-sá-nna mô ntlong
om nog in die huis te wees

go-sá-nna le batsadi
om nog ouers te hê

(iv) Die toekomende tyd-morfeem tla- (151

go-tla-nna legôdu
om 'n dief te word (toekomende tyd)

go-tla-nna-botlhale
om slim te word (toekomende tyd)

go-tla-nna le madi
om geld te besit (toekomende tyd)

B. Die uitgangsmorfeme

(i) Die positiewe uitgangsmorfeem (152

Die infinitiewe kopulatiewe werk=
woord neem die normale infinitiewe
uitgangsmorfeem -a in die positief.

go-nna motho
om mens te word

go-nna botlhale
om slim te word

go-nna le diaparô
om klere te besit

(ii) Die negatiewe uitgangsmorfeem (153

In die negatief word die positiewe
uitgangsmorfeem -a vervang met 'n -ê.

| | |
|---|---|
| go-nna motho → | go-se-nnê motho |
| (om mens te word) | (om nie mens te word nie) |

C. Die suffigale morfeme (154

Die infinitiewe kopulatiewe werkwoord

het nie 'n valensie vir die suffigale morfeme nie.

### 3.2.2 Die sintagmatiese morfologiese kenmerke van die infinitiewe kopulatiewe werkwoorde

Die prefigale morfeme wat by die infinitiewe werkwoord behandel is, word ook hier gebruik. Hierdie morfeme behou dieselfde rangorde soos dit vasgestel is by die infinitiewe werkwoorde. Die infinitiewe kopulatiewe werkwoord het egter nie valensie vir voor=werpsmorfeme en die refleksiewe prefigale morfeem nie.


A. Die negatiewe morfeem <u>se</u>- (155

Ook hier word gepostuleer dat die onder=liggende vorm van 'n negatiewe kategorie 'n positiewe kategorie is.

go-s<u>e</u>-nnê kgôsi
om nie kaptein te word nie

go-s<u>e</u>-nnê-bogale
om nie kwaai te word nie

go-<u>se</u>-nnê le dikgômo
om nie beeste te besit nie





B. Die toekomende tyd-morfeem
tla- (156

Van die prefigale morfeme van die in= finitiewe kopulatiewe werkwoorde het die toekomende tyd-morfeem die hoogste rangorde.

go-tla-nna mosadi
om 'n vrou te word (toekomende tyd)

go-tla-nna leswê
om vuil te word (toekomende tyd)

go-tla-nna le bana
om kinders te hê (toekomende tyd)




C. Die aspektuele morfeme
<u>sa</u>- en <u>ka</u>-


(i) Die potensiale morfeem
<u>ka</u>- (157

Hierdie morfeem is meer periferaal as die toekomende tyd-morfeem maar minder as die progressiewe morfeem <u>sa</u>-.

go-<u>ka</u>-nna senokwane
om 'n rower te kan word

go-<u>ka</u>-nna pelonômi
om goedhartig te kan word

go-ka-nna le bakaulengwe
om vriende te kan hê





(ii) Die progressiewe morfeem sa- (158

go-sa-nna legatlapa
om nog 'n lafaard te word

go-sa-nna bosilo
om nog stout te word

go-sa-nna le diruiwa
om nog vee te besit




## 3.3 DIE MORFOLOGIESE KENMERKE VAN DIE INFINI= TIEWE HULPWERKWOORDE

### 3.3.1 Die paradigmatiese kenmerke van die infini= tiewe hulpwerkwoorde

A. Die prefigale morfeme

(i) Die infinitiewe prefigale morfeem <u>go</u>- (159

Die meeste hulpwerkwoorde kan as infinitiewe hulpwerkwoorde gebruik word. Die prefigale morfeem wat die infinitiewe hulpwerkwoorde kan neem, is dan vanselfsprekend <u>go</u>-.

VOORBEELDE

go-sala
E-re go-sala a-tsamaya, dilo tsa-senyêga.
Sedert hy geloop het, het die dinge versleg.

go-tlhôla
Ka go-tlhôla a-buile, ba-mo-rêêtsa.
Deurdat hy altyd praat, het hulle na hom geluister.

go-tsoga
Erilê go-tsoga ba-tsoma ditau, tsa-ba-alola.
Toe hulle begin leeus jag, het hulle (die leeus) hulle gejaag.

go-nna
go-nna ba-senya
om aanhoudend te verniel

go-tla
Gama dikgomo go-tla ke-boa.
Melk die beeste totdat ek terug kom.

go-phakêla
Go-phakêla ba-ithuta, ba-falola.
Deur vroeg/betyds te leer, het hulle geslaag.

go-tloga
<u>Go-tloga</u> ba-apaya dijo, pula ya-na.
Sedert hulle begin kos kook het, het dit gereent.

(ii) Die negatiewe prefigale morfeem <u>se</u>- (160

Slegs die infinitiewe hulpwerkwoord <u>go-tlhôla</u> kan die negatiewe morfeem <u>se</u>- neem.

<u>go-tlhôla</u> ba-tsamaya
om gedurig te loop

<u>go-se-tlhôlê</u> ba-tsamaya
om nie gedurig te loop nie

B. Die uitgangsmorfeme

(i) Die positiewe uitgangsmorfeem (161

Die infinitiewe hulpwerkwoorde neem die normale infinitiewe uitgangsmor=feem -<u>a</u> in die positief.

Go-ag<u>a</u> ba-re-thusa, re-tla-fetsa ka bonako.
Deur te begin om ons te help, sal ons gou klaar kry.

(ii) Die negatiewe uitgangsmorfeem (162

Slegs enkele infinitiewe hulpwerk=woorde kan die negatiewe uitgangs=morfeem -ê neem.

Go-se-tlholê ba-tlhodia re-tla-kgôna go-rôbala.
Omdat hulle nie meer raas nie, sal ons in staat wees om te slaap.

Die uitgansmorfeem is konkomitant met die negatiewe prefigale morfeem se-.

C. Afleidingsmorfeme (163

Die infinitiewe hulpwerkwoorde het nie valensie vir afleidingsmorfeme nie.

3.3.2 Die sintagmatiese morfologiese kenmerke van die infinitiewe hulpwerkwoorde (164

Infinitiewe hulpwoorde het 'n valensie vir dieselfde prefigale morfeme as in geval van die infinitiewe werkwoord behalwe die voor=werpsmorfeem en die refleksiefskakel. Hierdie morfeme behou ook dieselfde rangorde soos wat vasgestel is by die infinitiewe werkwoorde.

## 3.4 DIE MORFOLOGIESE KENMERKE VAN DIE VERSTARDE INFINITIEWE HULPWERKWOORDE

### 3.4.1 Die paradigmatiese kenmerke van die verstarde infinitiewe hulpwerkwoorde

A. Die prefigale morfeme

(i) Die infinitiewe prefigale morfeem go- (165

Die verstarde infinitiewe hulpwerk=woord bestaan uit die infinitiewe prefigale morfeem go- en die stam, bv. gore
gonne

### 3.4.2 Die sintagmatiese morfologiese kenmerke van die verstarde infinitiewe hulpwerkwoorde (166

Hierdie verstarde infinitiewe hulpwerkwoorde neem geen ander prefigale of suffigale uit=gangsmorfeme nie. Hulle het ook nie 'n valensie vir enige afleidingsmorfeem nie.

# HOOFSTUK 4

## DIE INTERNE VALENSIONELE KENMERKE VAN INFINITIEWE

## 4. INLEIDING

Nadat die morfologiese kenmerke van die in= finitief in sowel paradigmatiese as sintag= matiese opsig beskrywe is, word nou die va= lensionele kenmerke daarvan bestudeer. Eers sal die naamwoordelike en daarna die werk= woordelike valensies beskryf word.

## 4.1 DIE VALENSIONELE KENMERKE VAN DIE INFINITIEWE NAAMWOORD (167

'n Infinitiewe naamwoord het 'n valensie vir kwalifikatiewe bepalings. In sommige gevalle gebeur dit dat die infinitiewe naam= woord 'n valensie het vir deskriptiewe be= palings en verder óók vir kwalifikatiewe be= palings en deskriptiewe bepalings saam.

### 4.1.1 Die infinitiewe naamwoord as antesedent

A. Die infinitief plus kwalifikatiewe bepalings (168

(i) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n absolute voornaamwoord

<u>Go-ja (gônê)</u> go-a-nôntsha.
Om te eet, dit maak vet.

<u>Go-rôbala (gônê)</u> go-a-lapolosa.
Om te slaap is verfrissend.

<u>Go-ithuta (gônê)</u> go-tswêlêtsa pele.
Om te studeer, dit bring ontwikkeling.

<u>Go-rêka (gônê)</u> go-senya madi.
Om te koop, dit verkwis geld.

(ii) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n demonstratief

<u>Go-senya (mô)</u> go-tena batho.
Hierdie vernielery maak die mense ontevrede.

<u>Go-opêla (gôlê)</u> go-re-tshêgisitsê.
Daardie gesing het ons laat lag.

(iii) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n kwantitatiewe voornaamwoord

<u>Go-alafa (gôtlhê)</u> ga-go-a-thusa sepê.
Al die gedokter het niks gehelp nie.

<u>Go-tsamaya (gotlhê)</u> go-a-gôrôsa.
Alle soorte wandel bring (jou) tuis.

Go-tlhatswa (gôtlhê) go-a-phepafatsa.
Alle maniere van was, reinig.

(iv) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n adjektief-relatiewe groep

Go-kwala (gô gontlê) go-a-balêga.
Die mooi skrif is leesbaar.

Go-taka (gô goswêu) go-a-fatlha.
Om wit te verf is verblindend.

Go-duma (mô gogolo) go-a-tshabisa.
Die groot gedreun maak (mens) bang.

(v) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n possessiewe groep

Go-bôpa (ga dipôô) go-ôka badisi.
Die gebrul van die bulle lok die wagters.

Go-ôpêla (ga ngwananyana) go-ôpisa batho diatla.
Die sang van die kindjie laat die mense hande klap.

Go-na (ga pula) go-lemisa batho.
Die gereën laat die mense ploeg.

(vi) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n

kopulatiewe relatiewe groep

<u>Go-tsoma (mô go monate</u>) go-tla-re-busa.
'n Lekker jagtog sal ons terugbring.

<u>Go-šapa (mô go diphatsa</u>) ga-re-go-rate.
Ons hou nie van 'n gevaarlike swem=mery nie.

(vii) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n werkwoordrelatiewe groep

<u>Go-ja (gô go-kgorisang</u>) go-a-nôntsha.
Die versadigende etery is vetmakend.

<u>Go-bôgisa (gô go-sotlang</u>) go-a-nyatsêga.
Vernederende mishandeling is verag=telik.

<u>Go-bua (gô go-utlwalang</u>) go-a-itumêdisa.
'n Duidelike gepraat is verblydend.

(viii) 'n Infinitiewe naamwoord plus enumeratiewe voornaamwoorde

Die infinitiewe naamwoord as antese=dent neem ook híérdie voornaamwoorde

as kwalifikatiewe bepalings.

(a) Die vraende voornaamwoord met die stam -<u>fe</u>

<u>Go-ôpêla (gofe</u>) go-a-go-kgatlha?
Watter sang interesseer jou?

(b) Die eksklusiewe voornaamwoord met die stam -<u>pê</u>

<u>Go-ya (gopê</u>) ga bônê go-a-mo-tshwênya.
Hulle nêrens-heen-ganery pla hom.

(c) Die seperatiewe voornaamwoord met die stam -<u>sele</u>

<u>Go-ja (gosele</u>) ga gago go-tla-go-lwatsa.
Jou uit-etery sal jou siek maak.

B. Die infinitiewe naamwoord plus deskrip=tiewe bepalings (169

Infinitiewe naamwoorde het 'n valensie vir deskriptiewe bepalings. Hierdie eien=skap van die infinitiewe naamwoord is, soos dit reeds nou al bekend is, slegs toe te skryf aan die feit dat die infinitief 'n dubbele woordklasstatus het.

Go-nna (fa mollong) go-thutafatsa motho.
Om by die vuur te sit, verwarm 'n mens.

Go-êta (bosigo) go-lwatsa bana.
Om in die nag te kuier maak die kinders siek.

Go-bua (gore ba-utlwê) go-ôpisa tlhôgô.
Om te praat sodat hulle hoor, gee 'n mens hoofpyn.

Go tlola (jaaka tshêphê) ga-go-kgonêge.
Om soos 'n springbok te spring, is nie moontlik nie.

Go-lema (pula e-nelê) go- bonôlô.
Om te ploeg as dit gereent het, is maklik.

C. Die infinitiewe naamwoord plus kwalifika= tiewe bepalings en deskriptiewe bepalings (170

Infinitiewe naamwoorde het 'n valensie vir sowel kwalifikatiewe bepalings as vir deskriptiewe bepalings. (Vergelyk par. 167).

go-kwala (mô gontlê mô lekwalông)
om mooi te skryf in die boek

go-kwala (mô lekwalông mô gontlê)
om in die boek mooi te skryf

Die bepalings kan soos in bogenoemde voorbeelde omstel word met slegs 'n geringe klemverskil. Sodra die deskrip= tiewe bepalings uitgebrei en so gerang= skik word dat hulle 'n hoër rangorde as die kwalifikatiewe bepalings het, is die struktuur onbestaanbaar, bv.:

go-tlhagola (mô masimong) (selemô)
(mô gogolo) (ga batho)

go-tlhatswa (ka metsi) (gore di-tshweufale)
(gôtlhê)

go-huduga (mô lefatsheng) (pula e-sa-
ne) (mô gogolo)

In al drie bogenoemde voorbeelde het die semantiese inhoud van die kwalifikatiewe bepalings so vervaag, dat die kategoriale verband wat daar bestaan tussen die ante- sedent en die kwalifikatiewe bepaling, verbreek is. Die kategoriale verband wat verbreek word, bring dan noodwendig die semantiese vervaging mee.

As die kwalifikatiewe bepalings op hulle beurt uitgebrei en so gerangskik word dat hulle 'n hoër rangorde as die deskrip= tiewe bepalings het, vind daar nie se= mantiese vervaging plaas ten opsigte van

die deskriptiewe bepalings nie.

go-loga (mô go-kgatlhang) (ga bônê)
(mô sekôlông)
hulle interessante breiery in die skool

go-taboga (ga rona) (mô go-lapisang)
(mô tselêng) (fa re-go-bôna...)
ons vermoeiende hardlopery in die pad
as ons jou sien ...)

go-buisa (mô gontsi) (ga bana)
(go le lefifi ...)
die baie lees van die kinders as dit
donker is ...)

Uit bogenoemde voorbeelde blyk dit baie dui=delik dat die kwalifikatiewe bepalings 'n hoër rangorde moet hê as deskriptiewe bepa=lings.

## 4.2 DIE INTERNE VALENSIONELE KENMERKE VAN DIE INFINITIEWE WERKWOORD

Infinitiewe werkwoorde het 'n valensie vir verskeie soorte bepalings soos onder andere voorwerpsbepalings en deskriptiewe bepalings.

### 4.2.1 Voorwerpsbepalings (171

Alle infinitiewe werkwoorde met oorganklike

stamme het 'n valensie vir voorwerpsbepalings. Die voorwerpsbepalings bevat naamwoorde en naamwoordgroepe.

go-gama <u>kgômo yê kgolo</u>
om 'n groot bees te melk

go-êpa <u>pitsô</u>
om 'n vergadering te belê

go-duba <u>thankga</u>
om hard te werk

### 4.2.2 Deskriptiewe bepalings (172

Infinitiewe werkwoorde het 'n valensie vir deskriptiewe bepalings in die vorm van primêre, sekondêre en tersiêre deskriptiewe bepalings. (Vgl. Krüger 1967 pp. 192, 195, 200)

#### 4.2.2.1 Die volgorde van die deskriptiewe bepalings (173

Ten opsigte van die kernlid kan deskriptiewe bepalings voor, daarna en soms daar vóór of daarná geplaas word. Hierdie plasingsmoont= likhede sal dan kan onderskei tussen voor= bepalings, nabepalings en vrye bepalings. Omdat die infinitiewe werkwoord slegs 'n valensie het vir nabepalings, sal daar dus vir die doel van hierdie studie nie verdere aandag gewy word aan voorbepalings nie.

Deskriptiewe nabepalings kan ook bepaalde posisies ten opsigte van mekaar inneem.

Indien dit sou gebeur dat twee of meer de= skriptiewe bepalings saam betrekking het op een kernlid, kan hulle volgorde vry of ge= dwonge wees, met ander woorde, sou hulle vry wees, is hulle omstelbaar. As die volgorde gedwonge is het die eerste bepaling 'n hoër rangorde as die daaropvolgende. (Vgl. Krüger 1967 p. 191).

Die rangorde van die deskriptiewe bepalings word bepaal deur die vergelyking van die posisie wat hulle ten opsigte van mekaar inneem. (Vgl. Krüger 1967 p. 191).

Deur die posisies van die deskriptiewe be= palings met mekaar te vergelyk, is daar 'n rangordekategorie vasgestel wat die bepalings in die volgende orde aanvoeg:

> primêre, sekondêre en tersiêre deskrip= tiewebepalings. (Vgl. Krüger 1967 p. 191).

In elke kategorie sal die bepalings hul eie onderlinge rangorde aanwys.

Primêre bepalings het 'n hoër rangorde as die sekondêre of tersiêre bepalings. Van laas=

genoemde twee het die sekondêre bepalings die hoogste rangorde.

4.2.2.2 Primêre deskriptiewe bepalings (174

Primêre deskriptiewe bepalings sluit be= palings van tyd, plek, hoedanigheid, in= strument, graad en maat in. Hierdie be= palings kan onderling weer verdeel word in woordklasse en woordgroepklasse. Die infinitiewe werkwoord het 'n valensie vir die volgende primêre deskriptiewe bepalings as nabepalings:

A. Woordklasse as primêre deskriptiewe bepalings (175

Die volgende woordklasse kan gebruik word as primêre deskriptiewe bepalings by infinitiewe werkwoorde:

(a) Bywoorde

Mosadi o-fa ngwana dijô go-ja (monate).
Die vrou gee die kind kos om lekker te eet.

Morutisi o-ruta bana go-kwala (sentlê).
Die onderwyser leer die kinders om mooi te skryf.

go-gama (mantsiboa)
om saans te melk

(b) Naamwoorde

(i) Lokatiewe naamwoorde

go-šapa (molapông)
om in die rivier te swem

go-tshabêla (setlhareng)
om na die boom toe te vlug

(ii) Lokatiefklas naamwoorde

go-rôbala (ntlê) a-fufula
om buite te slaap as hy sweet

go-tsamaya (morago) gore a-se-bônwê
om agter te loop sodat hy nie ge=
sien word nie

(c) Voornaamwoorde

go-tsamaya (gônê)
om daar te loop

go-fêêla (gôtlhê) gore ba-bônê
om orals te vee sodat hulle kan sien

B. Woordgroepe as primêre deskriptiewe bepalings (176

Net soos woordklasse het woordgroepe ook 'n bepalingsvalensie ten opsigte van die infinitiewe werkwoord. Die volgende tipes woordgroepe word gebruik:

(a) Naamwoordgroepe

Die naamwoordgroepe wat hier gebruik word het 'n lokatiewe strekking.

(i) Lokatiewe naamwoordgroepe

go-thibêlêla (fa molapông ôlê)
om by daardie rivier te kampeer

go-gama (mô lesakêng la dikgômo)
om in 'n beeskraal te melk

(ii) Lokatiefklas naamwoordgroepe

go-tlolêla (kwa godimo) a-bona nôga
om in die lug op te spring as hy 'n slang sien

go-tikêla (fa morago ga letlapa)
om agter 'n klip in te verdwyn

(b) Voornaamwoordgroepe

Die voornaamwoorde wat hier as be= palings gebruik word, is die voornaam= woorde van die lokatiefklas.

<u>go-rêra (gônê fa</u>)
om net hier te preek

<u>go-lema(gôtlhê fale</u>)
om daar orals te ploeg

C. Betrekkingswoordgroepe as primêre deskrip= tiewe bepalings (177

Die volgende betrekkingswoordgroepe kan gebruik word as primêre deskriptiewe be= palings ten opsigte van die infinitiewe werkwoord.

(i) Kwalifikatiefgroepe in die lokatiefklas
(ii) Possessiewe groepe in die lokatiefklas
(iii) Die instrumentale groepe
(iv) Die assosiatiewe groepe
(v) Die lokatiefgroepe

VOORBEELDE

(i) Die kwalifikatiefgroepe in die loka= tiefklas as primêre deskriptiewe bepaling (178

go-fêêla (fa go-rôbalang ntša têng)
om te vee waar die hond slaap

go-didimala (fa bana ba rôbalang gôna)
om stil te bly waar kinders slaap

go-nna (fa go-nang le mêtsi gôna)
om te wees waar water is

go-tshoga (mô tau e-leng gôna)
om te skrik waar die leeu is

(ii) Die possessiewe groepe in die lokatief=klas as primêre deskriptiewe bepaling (179

go-hularêla (ga rrê)
om die rug na die vaderland te keer

go-ja nama (kwa ga Mokôtêdi)
om vleis by Mokôtêdi se plek te eet

(iii) Die instrumentale groepe as primêre deskriptiewe bepalings (180

Die instrumentale betrekkingswoord=groep bestaan uit die instrumentale betrekkingswoord ka plus verskeie soorte woordsoorte en woordgroepe as komplemente. Die betekenis van die komplement bepaal in 'n mate die be=

tekenis van die betrekkingswoord <u>ka</u>. Dit kan onder andere beteken: <u>met behulp van</u>; <u>deur</u>; <u>met</u>; <u>teen</u>; <u>gedurende</u>; <u>as gevolg van</u>, ens.

Vergelyk die volgende voorbeelde:

<u>go-kwala (ka pênê yêle)</u>
om met daardie pen te skryf

<u>go-fofa (ka sônê sê segolo)</u>
om met die groot een te vlieg

<u>go-hula tau (ka yê kgolo)</u>
om 'n leeu met die groot een te skiet

<u>go-tsoma bosigo (ka yê e bogale)</u>
om snags met die kwaai een te jag

<u>go-apaya (ka wô o-tukang)</u>
om te kook met die een wat brand

<u>go-tlhagola tshimo selemô (ka wa gagwê)</u>
om die land in die somer met syne te skoffel

<u>go-duêla lekgêthô (ka kgwêdi)</u>
om die belasting maandeliks te betaal

<u>go-tlhôdia (ka go-kua bosigo)</u>
om te raas deur in die nag te skree

(iv) Die assosiatiewe groepe as primêre deskriptiewe bepalings (181

Die assosiatiewe groep bestaan uit die assosiatiewe betrekkingswoord le saam met verskeie woordklasse en groepe as deskriptiewe bepaling. Die volgende voorbeelde illustreer die assosiatiewe groepe as primêre deskrip= tiewe bepalings.

go-taboga (le batabogi)
om saam met die atlete te hardloop

go-bêsa nama ya nku (le bônê)
om saam met hulle skaapvleis te braai

go-dumêlana (le batho ba bagolo)
om saam te stem met die groot mense

go-kgaogana (le batho bôtlhê go-ya sekakêng)
om van al die mense te skei om woestyn toe te gaan

go-ômana (le bônê ba ba makgakga)
om met hulle, die stoutes, te raas

go-ja nama (le bogôbê bô bo mollô)
om vleis en warm pap te eet

go-bitsa (le yô o-ôpêlang)
om ook die een wat sing te roep

go-jwala (le ditlhare tsa bônê)
om ook hulle bome te plant

(v) Die lokatiewe groepe as primêre deskriptiewe bepalings (182

Lokatiewe groepe dien ook as primêre deskriptiewe bepalings by die infinitiewe werkwoord. Die lokatiewe groepe bestaan uit die lokatiewe betrekkingswoord go en verskeie woordklasse en groepe. Die volgende voorbeelde toon hoe die lokatiewe groepe as primêre deskriptiewe bepalings gebruik word:

go-boêla (go mmê)
om terug te keer na my moeder

go-ya (go bônê ba ba-dirang)
om na dié toe te gaan wat werk

go-êma (fa go sê setêlêlê)
om by die lang een te staan

go-duba senkgwê (fa go yê e phepa)
om brood by die skoon een te knie

go-rêka dikgong (go ba-ba-di-rekisang)
om hout te koop by die wat dit verkoop

go-rôbala (go ya gagwê)
om by syne te slaap

4.2.2.3 Sekondêre deskriptiewe bepalings (183

Sekondêre deskriptiewe bepalings bestaan uit predikatiewe en groepe waarin predika=tiewe ingesluit is wat aan hûlle 'n be=palingsvalensie gee.

Woorde en woordgroepe wat die sekondêre bepalingsfunksie het, ten opsigte van die infinitiewe werkwoord, is woorde of groepe in die situatiewe, subjunktiewe en infini=tiewe modi.

Uit bogenoemde blyk dit dat die sekondêre bepalings werkwoordelik van aard is. Hier=die bepalings word ook die modale bepalings genoem.

Die werkwoord in die afhanklike modi kan 'n voorwerp, 'n primêre of 'n sekondêre de=skriptiewe bepaling neem.

A. Die infinitiefmodus as deskriptiewe bepaling

Hierdie bepalings is bepalings van doel.

(i) Die infinitiewe werkwoord of werk=

woordgroep as sekondêre deskriptiewe bepaling by die infinitiewe (184

go-dira (go-ja)
om te werk, om te eet

Bana ba-tla go-gama (go-nwa maši kwa gae).
Kinders kom om te melk om melk by die huis te drink.

(ii) Die infinitiewe kopulatiewe werkwoordgroep as sekondêre deskriptiewe bepaling by die infinitiewe (185

go-leka (go-nna kgôsi mô motseng)
om te probeer om 'n kaptein in die stat te word

go-rutwa (go-nna bogale)
om geleer te word om kwaai te wees

go-rata (go-nna le batho)
om daarvan te hou om saam met mense te wees

(iii) Die infinitiewe hulpwerkwoord gore plus die subjunktiewe werkwoord of

werkwoordgroep as sekondêre de=
skriptiewe bepaling by die
infinitiewe (186

go-ja (gore ba-kgorê)
om te eet sodat hulle versadig
word

go-e-ratêla (gore a-e-thuntshê
sentlê)
om hom te bekruip sodat hy hom
mooi skiet

go-lema tshimo (gore ba-jwalê
mmopo)
om 'n land te ploeg sodat hulle
mielies (kan) plant

B. Die subjunktiefmodus as sekondêre deskriptiewe bepaling by infinitiewe

Ook die subjunktief, net soos die in=finitief, is 'n bepaling van doel. Die subjunktief word gewoonlik saam met die infinitiewe hulpwerkwoord gore gebruik.

(i) Die subjunktiewe werkwoord of werkwoordgroep as sekondêre de=skriptiewe bepaling (187

go-taboga (gore a-lapê)
om te hardloop sodat hy moeg word

go-êpa lemena (gore diphôlôgôlô di-wêlê mô têng)
om 'n vanggat te grawe sodat die wildsbokke daarin (kan) val

(ii) Die kopulatiewe subjunktiewe werkwoordgroep as sekondêre de=skriptiewe bepaling (188

go-ithuta (gore a-nne botlhale)
om te leer sodat hy slim word

go-lwa (gore a-nnê kgosi) mo lefatsheng la Bakwena
om te veg sodat hy koning in die land van die Bakwena kan wees

(iii) Die subjunktiewe hulpwerkwoord=groep as sekondêre deskriptiewe bepaling (189

go-goa (gore a-sale a-lwala) thata
om te skree sodat hy baie siek word

go-tshoga (gore a tlhôlê a-sa-robala) bosigo
om te skrik sodat hy die nag nie geslaap het nie

C. Die partisipiale modus as sekondêre de=
skriptiewe bepaling by infinitiewe

Hierdie bepaling het 'n temporale betekenis, dit dui aan dat die partisipiale handeling gelyktydig met die voorafgaande hooflid plaasvind.

(i) Die partisipiale werkwoord of werk=
woordgroep as sekondêre deskriptiewe
bepaling (190

go-gôna (a-rôbêtse)
om te snork as hy slaap

go-rapêla (a-khubame ka mangôlê)
om te bid terwyl hy kniel

go-êpa dinôtshe (ba-tsamaya mô nagêng)
om heuning uit te haal terwyl hulle
in die veld loop

go-lapa (ba-êpa sediba)
om moeg te word terwyl hulle put grawe

(ii) Die partisipiale kopulatiewe werkwoord=
groep as sekondêre deskriptiewe bepa=
ling (191

go-tshaba (e-le tau)
om bang te word as dit 'n leeu is

go-ja nama (ba-le mô ntlong)
om vleis te eet terwyl hulle in die huis is

go -e- reka (e-le yê e-tabogang)
om hom te koop as hy die een is wat hardloop

go-rêka mosese (a-na le madi)
om 'n rok te koop as sy geld het

go-nwa mêtsi (ba-na le bojalwa mô ntlong)
om water te drink terwyl hulle bier in die huis het

4.2.2.4 Tersiêre deskriptiewe bepalings (192

Tersiêre deskriptiewe bepalings sluit die volgende groepe in:

(i) Die temporaal-voorwaardelike betrek=kingswoordgroepe (die fa-groep)

(ii) Die assosiatiewe betrekkingswoord=groepe (die le fa-groep)

(iii) Die redegewende betrekkingswoord=groepe (die ka- groep)

(iv) Die komparatief-assosiatiewe betrek=kingswoordgroep (jaaka-groep) (Krüger 1967 p. 200)

Elkeen van hierdie bogenoemde betrekkings=woorde neem die volgende tipe komplemente:

(i) 'n Werkwoord of werkwoordgroep in die partisipium

(ii) 'n Kopulatiewe groep in die partisipium

(iii) 'n Hulpwerkwoordgroep in die partisipium

4.2.2.4.1 Die betrekkingswoordgroepe as tersiêre deskriptiewe bepalings

(i) Met werkwoorde of werkwoordgroepe as komplemente (193

go-ba-tshêga (fa ba-ja dijô mô tselêng)
om vir hulle te lag as hulle in die pad loop en eet

go-bitsa bana (ka ba-tsamaêla kwa gae
om die kinders te roep omdat hulle huis toe loop

go-rôbala mô kêrêkêng (le fa moruti a-rêra)

om in die kerk te slaap al preek die predikant

<u>go-simolola thêrô (jaaka ba-tla</u>)
om die preek te begin net as hulle kom

(ii) Met kopulatiewe groepe as komplemente (194

<u>go-sia (fa e-le sebata</u>) ruri
om te vlug as dit regtig 'n roofdier is

<u>go-tla (ka baêti ba-le mô ntlong</u>)
om te kom omdat die gaste in die huis is

<u>go-rêka diaparô (jaaka ba-na le madi</u>)
om klere te koop net soos hulle geld het

<u>go-anya dipodi mô lesakêng (le fa ba-sa-nyôre</u>)
om bokke in die kraal uit te drink al is hulle nie dors nie

(iii) Met die hulpwerkwoordgroep as komplement (195

<u>go-ba tshwênya (le fa ba-nê ba-robêtse</u>)
mô ntlong bosigo
om hulle te pla hoewel hulle snags in die huis geslaap het

go-kgaotsa ngwana (ka a-lala a-lelêla mmaagwê)
om die kind te troos omdat hy heel nag oor sy ma gehuil het

go-mo-apêsa nkwê (fa a-se nke-a-bôgisa batho)
om hom te kroon as hy nie die mense sal mishandel nie

go-utlwa bana (jaaka ba-tlhôla ba-opêla dipina tsa bônê tsê di molôdi ô o monate)
om die kinders te hoor soos wat hulle altyd hulle mooi liedjies sing

4.2.2.4.2 Die infinitiewe hulpwerkwoord gonne of ka gonne plus komplement as tersiêre deskriptiewe bepaling (196

Tersiêre deskriptiewe bepalings word ook gevorm met die infinitiewe hulp=werkwoord gonne of ka gonne plus 'n komplement. Hulle vorm dan redegewende tersiêre deskriptiewe bepalings. Die komplement staan gewoonlik in die in=dikatief of partisipium en bestaan uit:

(i) 'n werkwoord of werkwoordgroep
(ii) 'n kopulatiewe groep
(iii) 'n hulpwerkwoordgroep

VOORBEELDE

(i) met 'n werkwoord of werkwoordgroep as komplement (197

go-ja (ka gonne ba-rata dijô)
om te eet want hulle is lief vir kos

go-ikhutsa (gonne o-a-lapa)
om te rus want hy word moeg

go-thuba lerapô (gonne o-ja-mokô) fa mollông
om die been te breek want hy eet murg by die vuur

(ii) met 'n kopulatiewe groep as komplement (198

go-mo-thusa (gonne ke mosadi)
om haar te help want sy is 'n vrou

go-tlhapisa ngwana (gonne a mollô)
om die kind te was want hulle is warm

go-rêkisa dikgônwana (gonne ga-ba-na madi)
om tollies te verkoop want hulle het nie geld nie

(iii) met 'n hulpwerkwoordgroep as komplement (199

go-palama tonki (gonne o-nê-a-ya kgakala)
om 'n donkie te ry want hy was op 'n lang reis

go-tshuba lobônê (gonne o-tlhôla a-utlwa peba mô letloleng a-ya go-rôbala)
om die lig aan te steek want sy hoor altyd 'n muis in die kas as sy gaan slaap

4.2.2.5 'n Vergelyking tussen infinitiewe en predikatiewe werkwoorde (200

'n Infinitiewe werkwoord het 'n valensie vir die volgende tipes bepalings:

(a) Voorwerpsbepaling
(b) Primêre deskriptiewe bepaling
(c) Sekondêre deskriptiewe bepaling
(d) Tersiêre deskriptiewe bepaling

Infinitiewe werkwoorde het nie 'n valensie vir 'n onderwerpsbepaling nie.

'n Infinitiewe werkwoord laat geen voor=plasing van deskriptiewe bepalings toe nie. 'n Predikatiewe werkwoord daarenteen, neem voor- en nabepalings. 'n Predikatiewe werkwoord verskil verder van 'n infinitiewe werkwoord daarin dat 'n predikatiewe werk=woord 'n onderwerpsbepaling kan neem.

## 4.3 DIE VALENSIONELE KENMERKE VAN DIE INFINITIEWE KOPULATIEWE WERKWOORDE

### 4.3.1 Die komplementtipes van die infinitiewe kopulatiewe werkwoord

Elkeen van die drie kopulatiewe werkwoorde neem nie-predikatiewe komplemente

A. Die identifiserende kopulatiewe werkwoord

(201

go-nna <u>kgôsi</u>
om kaptein te wees

go-nna <u>kgôsi yônê</u>
om regtig 'n kaptein te wees

go-nna <u>mang</u>?
om wie te wees?

go-nna <u>eng</u>?
om wat te wees?

go-nna <u>ênê</u>
om hy te wees

B. Die definiërende kopulatiewe werkwoord

(202

go-nna <u>bogale</u>
om kwaai te wees

go-nna mô ntlong
om in die huis te wees

go-nna kgakala
om ver te wees

C. Die assosiatiewe kopulatiewe werkwoord
(203

Die assosiatiewe kopulatiewe werkwoord as inleidende lid neem 'n naamwoord, 'n voornaamwoord, 'n naamwoordgroep, die vraende naamwoorde mang? of eng? as komplemente.

4.3.2 Bepalings van infinitiewe kopulatiewe werkwoordgroepe (204

Infinitiewe kopulatiewe werkwoordgroepe het 'n valensie vir primêre deskriptiewe bepalings (par. 174), sekondêre deskriptiewe bepalings (par. 183) en tersiêre deskrip= tiewe bepalings (par. 192). In enkele gevalle sal daar semantiese beperkinge voorkom.

VOORBEELD

go-nna kgôsi (mô lefatsheng lê legolo) (gore a buse setšhaba) (fa a rata)
om kaptein te wees in 'n groot land sodat hy die volk regeer as hy wil

### 4.3.3 'n Vergelyking tussen die infinitiewe kopulatiewe werkwoorde en predikatiewe kopulatiewe werkwoorde (205

Die verskil tussen die infinitiewe kopulatiewe werkwoord en die predikatiewe kopulatiewe werkwoord is baie gering.

Eerstens kan gemeld word dat 'n infinitiewe kopulatiewe werkwoord nie 'n valensie het vir 'n onderwerpsbepaling nie, teenoor 'n predikatiewe kopulatiewe werkwoord wat wel 'n valensie vir 'n onderwerpsbepaling het.

'n Tweede verskil is dat 'n infinitiewe kopulatiewe werkwoord nie 'n valensie het vir voorbepalings nie terwyl 'n predikatiewe kopulatiewe werkwoord wel 'n valensie het vir voorbepalings.

## 4.4 VALENSIONELE KENMERKE VAN INFINITIEWE HULPWERKWOORDE

### 4.4.1 Die komplementtipes van die infinitiewe hulpwerkwoorde (206

Infinitiewe hulpwerkwoorde as inleidende lede neem die volgende tipes van komplemente:

(a) Kopulatiewe werkwoordgroepe

(i) die identifiserende kopulatiewe werkwoordgroep

(ii) die definiërende kopulatiewe werkwoordgroep

(iii) die assosiatiewe kopulatiewe werkwoordgroep

(b) Enige werkwoord of groep in die ge= skikte modi

(c) Enige hulpwerkwoordgroep in die geskik= te modi

Binne die komplement word die voorwerpe en primêre deskriptiewe bepalings ingesluit, indien hulle sou voorkom.

4.4.1.1 Die kopulatiewe werkwoordgroepe as komplemente van die infinitiewe hulpwerkwoord

Die drie kopulatiewe groepe sal afsonderlik behandel word as komplemente vir die infini= tiewe kopulatiewe hulpwerkwoorde.

A. Die identifiserende kopulatiewe groep as 'n komplement van die infinitiewe hulpwerkwoord (207

Die komplement van die identifiserende

kopulatiewe werkwoordgroep is nie-werkwoordelik. Die kopulatiewe werkwoord=groep staan in die partisipium.

go-tlhôla e-le phokojwê
om gedurig jakkals te wees

go-sala e-le molato
om dan moeilikheid te hê

B. Die definiërende kopulatiewe werkwoord=groep as komplement van die infinitiewe hulpwerkwoord (208

Die komplement van die definiërende kopulatiewe werkwoord is nie-werkwoordelik van aard. Ook hier staan die kopulatiewe werkwoord in die partisipium.

go-tlhôla ba-le mô ntlong
om gedurig in die huis te wees

go-fitlha ba-le teng
totdat hulle daar is

C. Die assosiatiewe kopulatiewe werkwoord=groep as komplement van die infinitiewe hulpwerkwoord (209

Net soos by die vorige twee werkwoord=groepe is die komplement van die asso=siatiewe werkwoord hier ook nie-werk=

woordelik. Die komplement staan hier ook in die partisipium.

go-tlhôla <u>a-na le madi</u>
om gedurig geld te besit

go-tlhôla <u>ba-na le molato</u>
om gedurig probleme te hê

4.4.1.2 Werkwoorde en werkwoordgroepe as komplemente van die infinitiewe hulpwerkwoorde (210

Infinitiewe hulpwerkwoorde het 'n valensie vir werkwoorde en werkwoordgroepe as kom=plement. Die bepaalde werkwoord of werk=woordgroep moet net in die toepaslike modi verskyn, nl.:

(a) die partisipium
(b) die subjunktief

(i) Werkwoorde as komplemente

go-lala <u>ba-tsamaya</u>
om die hele nag te loop

go-tlhôla <u>ba-tlhôdia</u>
om gedurig te raas

gore <u>ba-tlhabologê</u>
sodat hulle ontwikkel

(ii) Werkwoordgroepe as komplemente

go-tsamaya ba-bua kgômo mô sakêng
totdat hulle 'n bees in die kraal afslag

gore ba-lemê bosigo
sodat hulle gedurende die nag ploeg

go-tlhôla e-ja nama ka menô a makhutshwane gore e-e-fêtse fa batho ba tla
om gedurig die vleis met sy kort tande te eet om dit klaar te kry as die mense kom

4.4.1.3 Die hulpwerkwoordgroep as komplement van die infinitiewe hulpwerkwoord (211

'n Infinitiewe hulpwerkwoord het ook 'n valensie vir hulpwerkwoordgroepe as kom=plemente

go-tlhôla ba nê ba-opêla
om aanhoudend te gesing het

go-lala di-nê di-fula
om deur die nag te gewei het

4.4.1.4 Infinitiewe as komplemente van die infinitiewe hulpwerkwoorde (212

'n Infinitiewe hulpwerkwoord het ook 'n valensie vir infinitiewe as komplemente:

Go-tlhôla go-gôtsa molelô go-koba ditau.
Om gedurig vuur te maak verdryf die leeus.

Go-tlhôla go-ithuta go-a-tlhalefisa
Om dikwels te studeer maak mens slim.

4.4.2 Bepalings van infinitiewe hulpwerkwoord=groepe (213

'n Infinitiewe hulpwerkwoord as inlei=dende lid, neem 'n werkwoordelike komple=ment.

Infinitiewe hulpwerkwoordgroepe het slegs valensie vir sekondêre en tersiêre de=skriptiewe bepalings:

(i) Sekondêre deskriptiewe bepalings

go-lala ba-dira (gore ba-jê)
om die hele nag te werk sodat hulle (kan) eet

go-tlhôla ba-lela (ba-bona segokgo)
om gedurig te huil as hulle 'n

spinnekop sien

(ii) Tersiêre deskriptiewe bepalings

go-tlhôla ba-opêla (fa ngwêdi o-tlhaba)
om aanhoudend te sing as die maan opkom

go-fitlha ba-gama (gonne ba-letilê baêng)
totdat hulle melk want hulle wag vir gaste

Die komplemente van infinitiewe hulp= werkwoorde het op hulle beurt valensie vir slegs primêre deskriptiewe bepalings en nie vir sekondêre of tersiêre deskrip= tiewe bepalings nie.

VOORBEELD

go-tlhôla ba-tsoma (mô sekgwêng)
om gedurig in die bos te jag

4.4.3 'n Vergelyking tussen infinitiewe hulpwerk= woordgroepe en predikatiewe hulpwerkwoord= groepe respektiewelik (214

'n Predikatiewe hulpwerkwoordgroep neem 'n werkwoord of 'n werkwoordgroep of 'n

ander hulpwerkwoordgroep of 'n kopulatiewe werkwoordgroep as komplement. Hierdie kom=plement kan slegs primêre deskriptiewe bepalings insluit.

'n Infinitiewe hulpwerkwoordgroep deel in dieselfde eienskappe, hierbo genoem.

Predikatiewe hulpwerkwoordgroepe het 'n valensie vir:

(i) onderwerpsbepalings
(ii) voorbepalings
(iii) sekondêre en tersiêre deskriptiewe bepalings

'n Infinitiewe hulpwerkwoordgroep het nie 'n valensie vir onderwerpsbepaling of enige voorbepalings nie maar wel vir sekondêre en tersiêre bepalings.

## HOOFSTUK 5

### 5. DIE EKSTERNE VALENSIES VAN INFINITIEWE EN INFINITIEFGROEPE

Infinitiewe en infinitiefgroepe het be=palingsvalensies sowel as komplements=valensies.

### 5.1 INFINITIEWE EN INFINITIEFGROEPE AS BEPALINGS IN ONDERSKIKKENDE GROEPE

Hierdie groepe dien as bepalings by predi=katiewe hooflede.

#### 5.1.1 Bepalingsvalensies

#### 5.1.1.1 Onderwerpsvalensie (215

Infinitiewe naamwoorde en infinitiewe naamwoordgroepe, soos dit behandel is in pare. 168 en 169, alle infinitiewe hulp=werkwoordgroepe soos dit behandel is in pare. 207-212, asook alle infinitiewe ko=pulatiewe groepe soos dit behandel is in pare. 201-203, het onderwerpsvalensie.

#### 5.1.1.1.1 'n Vergelyking tussen infinitiewe naam=woordgroepe en nie-lokatiewe naamwoord=groepe (216

Albei naamwoordgroepe, die infinitiewe en nie-lokatiewe naamwoordgroepe, het 'n onderwerpsvalensie ten opsigte van predi= katiewe woorde of -groepe.

Behalwe 'n valensie vir kwalifikatiewe bepalings, het infinitiewe naamwoorde en infinitiewe naamwoordgroepe nog 'n verdere kwalifikasie. Dit kan deskriptiewe bepa= lings neem, hetsy primêr, sekondêr, tersiêr of al drie.

### 5.1.1.2 Voorwerpsvalensie (217

Infinitiewe en infinitiefgroepe het 'n voorwerpsvalensie ten opsigte van oor= ganklike werkwoorde met 'n <u>toepaslike be= tekenis</u>.

Hierdie werkwoorde het (volgens Krüger 1967 p. 147) die betekenisonderskeiding van <u>wens</u> <u>versoek</u> en <u>begeerte</u>, bv.:

> -<u>rata</u> "wil, begeer", -<u>batla</u> "soek",
> -<u>kopa</u> "vra", -<u>nyaka</u> "soek, wil hê",
> -<u>tshwanêtse</u> "moet", <u>botsa</u> "vra",

asook werkwoorde met 'n betekenisonder= skeiding van definitiwiteit of sekerheid, bv.:

-itse "weet", -bona "sien", -lemoga "begryp", -utlwa "hoor, ver=staan", -fitlhêla "vind, agterkom", ens.

5.1.1.2.1 Infinitiewe en infinitiefgroepe as voor=werpsbepalings

A. Infinitiewe of infinitiefgroepe as 'n voorwerpsbepaling (218

(i) 'n Infinitiewe naamwoord

Bana ba-rata go-ja.
Kinders hou van etery.

(ii) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n absolute voornaamwoord

Molemi o-batla go-lema gônê.
Die boer soek die ploeëry/
hy wil ploeg.

(iii) 'n Infinitief plus demonstratief

Baragakgwele ba-itse go-raga môlê.
Die voetbalspelers ken daardie skoppery.

(iv) 'n Infinitief plus 'n kwantita=tiewe voornaamwoord

Mogokgo o-bôna go-tshameka gôtlhê.
Die hoof sien die hele spelery.

(v) 'n Infinitief plus 'n possessiewe groep

Bagolo ba-rata go-ôpêla ga bana.
Ou mense hou van die sang van die kinders.

(vi) 'n Infinitief plus 'n adjektiefom=skrywing

Balemi ba Tigane ba-rata go-lema mô gogolo.
Hartebeesfontein se boere hou van groot saaiery.

(vii) 'n Infinitief plus 'n naamwoordom=skrywing

Basadi ba-itse go-apaya bojalwa mô go monate.
Vroue ken die bierbroukuns.

(viii) 'n Infinitief plus 'n werkwoordom=skrywing

Kgosi e-tla-fitlhêla <u>go-lwa mô go sisimosang</u>.
Die kaptein sal afkom op 'n grille=rige geveg.

(ix) 'n Infinitief plus 'n enumeratiewe voornaamwoord

(a) Die vraende voornaamwoord met die stam -<u>fe</u>

Wêna o-itse <u>go-kwala gofe</u>?
Watter skrif ken jy?

(b) Die eksklusiewe voornaamwoord met die stam -pê

Bagolêgwa ga-ba-a-tshwanêla <u>go-ya gopê</u>.
Die prisoniers moet nêrens heen gaan nie.

(c) Die seperatiewe voornaamwoord met die stam -<u>sele</u>

Batlhalefi ba-batla <u>go-ikhutsa gosele</u>.
Die wyses wil op 'n ander plek rus.

B. Infinitiewe plus deskriptiewe bepalings as 'n voorwerpsbepaling (219

Infinitiefgroepe waarin primêre deskriptiewe bepalings ingesluit is, het 'n voorwerpsvalensie, maar nié wanneer hulle sekondêre en/of deskriptiewe bepalings insluit nie.

Rôna re-rata (<u>go-tsoma ditlhapi fa go-nang le mêtsi</u>).
Ons hou daarvan om vis te vang by 'n plek waar daar water is.

Basimane ba-tshwanêtse (<u>go-ja motsoko fa morago ga letlapa</u>) fa ba-sa-batle go-itêiwa.
Die seuns moet agter die klippe rook as hulle nie gestraf wil word nie.

Hier is die tersiêre deskriptiewe bepaling op die groep as geheel betrokke en nie net op die infinitiewe groep nie.

5.1.1.2.2 Infinitiewe hulpwerkwoordgroepe as voorwerpsbepalings (220

Infinitiewe hulpwerkwoordgroepe het ook 'n valensie as voorwerpsbepalins ten opsigte van werkwoorde met 'n bepaalde betekenisonderskeiding. (Vgl. par. 217).

A. 'n Infinitiewe hulpwerkwoordgroep as voorwerpsbepaling (221

Badiri ba-itse <u>go-tlhôla ba-dira</u>.
Die arbeiders weet/ken om heeldag te werk.

Dintša di-rata go-lala di-bôgola.
Honde hou van 'n heel-nag-blaffery.

B. 'n Infinitiewe hulpwerkwoordgroep plus 'n deskriptiewe bepaling as voorwerpsbepaling (222

'n Infinitiewe hulpwerkwoordgroep waarin 'n primêre deskriptiewe be=paling van die komplement ingesluit is, het ook 'n voorwerpsvalensie ten opsigte van werkwoorde met 'n bepaal=de betekenisonderskeiding. (Vgl. par. 217). Ook hier is die inslui=ting van 'n sekondêre en/of 'n tersiêre deskriptiewe bepaling nie moontlik nie.

Babini ba-tshwanêtse (go-lala ba-bina bosigo bôtlhê).
Die dansers moet die hele nag dans.

Basimanyana ba-itse (go-tlhola ba-palama dipotsana mô lesakêng).
Die seuntjies weet hoe om dikwels boklammers in die kraal te ry.

5.1.1.2.3 Infinitiewe kopulatiewe groepe as voor=werpsbepalings (223

Infinitiewe kopulatiewe groepe het 'n voorwerpsvalensie ten opsigte van

werkwoorde met 'n bepaalde betekenisonder= skeiding. (Vgl. par. 217).

Mosimane o-tshwanêtse (go-nna monna).
Die seun moet 'n man word/moet word 'n man.

Lekau le-kopa (go-nna kgosi ya morafe).
Die jong man vra om kaptein van die volk te word.

Letagwa le-rata (go-nna bogale).
'n Dronkie hou daarvan om kwaad te word.

Bana ba-lemoga (go-nna bollô ga tshipi).
Kinders begryp die verhitting van die yster.

Batho bôtlhê mô lefatsheng ba-batla (go-nna le madi).
Al die mense op aarde probeer om geld te besit.

Kgosi e-tshwanêtse (go-nna le batlhanka).
'n Kaptein moet bediendes hê.

5.1.1.2.4 Infinitiewe kopulatiewe groepe plus de= skriptiewe bepalings as 'n voorwerpsbe= paling (224

Infinitiewe kopulatiewe groepe het ook

voorwerpsvalensie as dit saam met 'n primêre deskriptiewe bepaling gebruik word.

Batho ba bantsi ba-itse (go-nna magôdu bosigo).
Baie mense weet on snags diewe te word.

Dikgômo di-tshwanêtse (go-nna bokgwafo mô mogotlhêng).
Die beeste behoort mak te wees in die drukgang.

Barutisi ba-kopa (go-nna le dithupa mô sekôlông).
Onderwysers vra om latte te hê in die skool.

5.1.1.3 Infinitiewe as sekondêre deskriptiewe bepalings (225

'n Infinitief en alle infinitiefgroepe het 'n valensie as sekondêre deskriptiewe bepaling van doel.

A. 'n Infinitief as 'n sekondêre deskriptiewe bepaling (226

Basimane ba-ya sakêng (go-gama).
Die seuns gaan kraal toe om te melk.

Baithuti ba-ithuta (<u>go-falola</u>).
Die studente studeer om te slaag.

Balemi ba-lema (<u>go-jwala</u>).
Die boere ploeg om te plant.

B. 'n Infinitiewe groep waarin 'n voor=werpsbepaling ingesluit is as sekon=dêre deskriptiewe bepaling (227

Motsomi o-tsoma diphôlôgôlô (<u>go-sega digwapa</u>).
Die jagter jag die wild om biltong te sny.

Mmê o-apaya dijô (<u>go-re-jesa</u>).
Moeder kook die kos om ons te voed.

Batho ba bogologolo ba-ne ba-tshuba naga (<u>go-boloya dikgofa</u>).
Die mense van die ou tyd het die veld gebrand om bosluise dood te maak.

C. Die infinitief of infinitiewe groep waarin 'n primêre deskriptiewe be=paling ingesluit is as sekondêre deskriptiewe bepaling (228

Isago re-tla-ya (<u>go-tsoma ditau mô sekgwêng</u>).
Aanstaande jaar gaan ons leeus in die bos jag.

Dithaga di-tla (go-senya mabêlê gônê).
Die vinke kom om die koring daar te verniel.

Mosadi o-fêêla ntlo (go-fêtsa ka bonako).
Die vrou vee die huis uit om gou klaar te kry.

By gevalle waar die infinitief as (229
sekondêre deskriptiewe bepaling gevolg
word deur 'n ander sekondêre of 'n ter=
siêre deskriptiewe bepaling, is dit baie
moeilik om vas te stel of dié sekondêre
deskriptiewe bepaling of tersiêre de=
skriptiewe bepaling op die infinitief
as 'n sekondêre deskriptiewe bepaling,
of op die voorafgaande werkwoord of op
die groep as geheel, van toepassing is.

Dit wil tog blyk dat die infinitief as sekondêre deskriptiewe bepaling nie 'n valensie het vir sekondêre of tersiêre deskriptiewe bepalings nie.

Vergelyk die voorbeelde op die volgende bladsy.

VOORBEELD 1

Bana ba-ya go-gama fa dikgomo di-gôrôga

Fa dikgomo di-goroga bana ba ya go-gama

VOORBEELD 2

**Dithaga di-tla go-ja go-kgora**

**Go-kgora dithaga di-tla go-ja**

## 5.2 DIE INFINITIEWE NAAMWOORD OF NAAMWOORDGROEPE, INFINITIEWE HULPWERKWOORDGROEPE EN INFINITIEWE KOPULATIEWE GROEPE AS KOMPLEMENT IN WEDERSYDS=SKIKKENDE GROEPE (230

In die wedersydsskikkende groepe is die lede van 'n groep semanties wedersyds van mekaar afhanklik. "Die lede van die groep word so gekombineer dat hulle aspekte noodsaaklik of dwingend op mekaar aangewys is." (Krüger 1967 p. 8).

Sulke groepe bestaan noodwendig uit 'n in=leidende lid gevolg deur 'n komplement. Die betekenis van die inleidende lid is onself=standig en vereis dat daar 'n lid moet bykom om die groep te voltooi.

Primêre deskriptiewe bepalings kan by die infinitief as komplement ingesluit word maar nie sekondêre of tersiêre deskriptiewe bepalings nie. Indien laasgenoemde twee tipes deskriptiewe bepalings ook ingesluit word, het dit op die groep as geheel betrekking.

Die inleidende lede is gewoonlik betrekkings=woorde, hulpwerkwoorde en kopulatiewe werk=woorde. Vir die doel van hierdie studie sal infinitiewe hulpwerkwoorde en infinitiewe kopulatiewe dan gebruik word.

5.2.1 Inleidende lede

As inleidende lede vir die wedersydsskikkende groepe kan die volgende betrekkingswoorde gebruik word:

Die instrumentale betrekkingswoord <u>ka</u>, die assosiatiewe betrekkingswoord <u>le</u> en die possessiewe betrekkingswoord van die nie-lokatiefklasse en die possessiewe betrekkingswoorde.

5.2.1.1 Die instrumentale betrekkingswoord <u>ka</u> as inleidende lid vir infinitiewe naamwoorde en infinitiewe naamwoordgroepe

A. Met 'n infinitiewe naamwoord as komplement (231

Dintša di-tshwênya <u>ka go-bôgola</u>.
Die honde steur met hulle geblaf.

Phefô e-ôkêtsa seramê <u>ka go-foka</u>.
Die winde vermeerder die koue met die waaiery.

B. Met 'n infinitiewe naamwoordgroep as komplement (232

Alle infinitiewe naamwoordgroepe kan gebruik word as komplemente van die

instrumentale betrekkingswoord.

VOORBEELDE

(a) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n absolute voornaamwoord

Muêlêdi o-ijesa ka go-bua (gônê).
'n Prokureur verdien sy brood met die einste gepraat.

(b) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n demonstratief

Mosimane o-senya mahura ka go-lema (môlê).
Die seun mors brandstof met daardie ploeëry.

(c) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n kwantitatiewe voornaamwoord

Mosadimogolo o-fentsê basadi ka go-roka (gôtlhê).
Die ou dame het die vroue gewen met al die naaldwerk.

(d) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n possessiewe groep

Wêna o-tshositse dikgaka ka go-bua (ga gago)

Jy het die tarentale skrik gemaak met jou pratery.

(e) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n adjektiefomskrywing

Ba-êpolotsê ditlhare ka go-lema (mô gontsi).
Hulle het die bome uitgehaal met die baie ploeëry.

(f) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n naamwoordomskrywing

Mogokgo o-laêtse bana ka go-bua (mô go bogale).
Die hoof het die kinders met sy kwaai gepraat beveel.

(g) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n werkwoordomskrywing

Molemi o-kgatlha bana ka go-lema (mô go-pitikololang mmu).
Die boer interesseer die kinders met die grond-omkerende-geploeg.

(h) 'n Infinitiewe naamwoord plus 'n enumeratiewe voornaamwoord

(i) Die vraende voornaamwoord met stam -fe

O-tshosa batho ka-go-sega (gofe)?
Met watter snyery maak hy die mense bang?

(ii) Die eksklusiewe voornaamwoord met stam -pê

O-tshwara magôdu ka go-ya (gopê).
Hy vang die diewe deur nêrens heen te gaan nie.

(iii) Die seperatiewe voornaamwoord met die stam -sele

Mosetsana o-ngadisa mmaagwê ka go-ja (go-sele).
Die meisie maak haar ma kwaad deur elders te eet.

(233

Bo en behalwe die kwalifikatiewe bepalings wat die infinitiewe naamwoord geneem het om groepe te vorm, kan dit ook nog primêre deskriptiewe bepalings neem om 'n komple= mentsvalensie te hê ten opsigte van ge= noemde betrekkingswoorde, bv.:

Motlhanka o-re-dia ka go-dira ga gagwê (mô ntlong).
Die bediende hou ons op met haar werkery in die huis.

Bana ba-re-thusa ka go-gama (phakela).
Die kinders help ons deur vroeg te melk.

5.2.1.2 Die instrumentale betrekkingswoord ka as inleidende lid vir infinitiewe hulpwerkwoordgroepe (234

Infinitiewe hulpwerkwoordgroepe het 'n komplementsvalensie ten opsigte van die instrumentale betrekkingswoord ka.

Groepe met die hulpwerkwoorde gore en gonne kom baie algemeen voor.

Groepe met ander hulpwerkwoorde as in=leidende lede het as gevolg van semantiese oorwegings, selde komplementsvalensie. (Krüger 1967 p. 100).

Die infinitiewe hulpwerkwoordgroepe kan ook net primêre deskriptiewe bepalings insluit en nie sekondêre en/of tersiêre bepalings nie.

Modiri o-itshenyêtsa tirô ka (go-tlhôla a-rôbala).
Die arbeider verwaarloos sy werk deur ge=durig te slaap.

Kgosi e-ya go-êpêla dikgômo ka (gore di-sulê mô nokêng)

Die kaptein gaan die beeste begrawe want hulle is in die rivier dood.

Ditau di-tshosa baeng ka (go-lala di-bôpa gaufi).
Die leeus maak die vreemdelinge bang deur aanhoudend naby te brul.

5.2.1.3 Die instrumentale betrekkingswoord ka as inleidende lid vir infinitiewe kopulatiewe werkwoordgroepe (235

Hierdie instrumentale betrekkingswoord ka kan as inleidende lid gebruik word vir infinitiewe kopulatiewe groepe as komplemente.

Die infinitiewe kopulatiewe groepe kan ook primêre deskriptiewe bepalings insluit. (Vgl. par. 231).

Ene o-tla-hudugisa batho ka (go-nna kgosi).
Hy sal die mense laat verhuis deur kaptein te word.

Ngaka e-ngôngôrêgisa balwetse ka (go-nna bogale mô kokêlông).
Die dokter maak die pasiënte ontevrede deur kwaai te wees in die hospitaal.

Rrê o-tla re-thusa ka (go-nna le madi kwa lewatlêng).

Vader sal ons help deur geld by die see te hê.

Net soos wat die infinitiewe naamwoord en infinitiewe naamwoordgroepe 'n komple= mentsvalensie het, ten opsigte van die instrumentale betrekkingswoord ka, so het dit komplementsvalensie ten opsigte van die assosiatiewe betrekkingswoord le en die possessiewe skakel van die nie-lokatiefklasse, en die komparatiewe be= trekkingswoord jaaka behalwe vir die uit= sonderings wat by elke een van die groepe genoem sal word.

Die infinitiewe naamwoord of infinitiewe naamwoordgroep het nie 'n komplementsva= lensie ten opsigte van die lokatiewe be= trekkingswoord go, die lokatiewe posses= siewe betrekkingswoord ga en die infini= tiewe possessiewe betrekkingswoord ga nie.

5.2.1.4 Die possessiewe betrekkingswoord as in= leidende lid vir infinitiewe naamwoorde en infinitiewe naamwoordgroepe (236

Alle infinitiewe naamwoorde en infini= tiewe naamwoordgroepe het komplements= valensie ten opsigte van die possessiewe betrekkingswoord van die nie-lokatiewe klasse as inleidende lid.

nakô <u>ya (go-ja mô ntlong</u>)
die tyd om in die huis te eet.

ke moatlhodi <u>wa (go-mo-atlhola</u>)
dit is 'n regter om hom te vonnis

kgêtla dithupa <u>tsa (go-ba-šapa</u>)
pluk latte om hulle mee te slaan

5.2.1.5 Die possessiewe betrekkingswoord as inleidende lid vir infinitiewe kopulatiewe werkwoordgroepe (237

Alle infinitiewe kopulatiewe werkwoordgroepe het 'n komplementsvalensie ten opsigte van die possessiewe betrekkingswoord van die nie-lokatiefklasse.

Mokgwa <u>wa (go-nna kgôsi mô lefatsheng</u>)
Die manier van koning-wees in die land.

Bašša ba-rata tirô <u>ya (go-nna le madi</u>).
Die jong mense hou van 'n werk waar hulle geld kan verdien.

O-rua dintšša <u>tsa (go-nna bogale</u>).
Hy boer met honde wat geneig is om kwaai te wees.

5.2.1.6 Die possessiewe betrekkingswoord as inleidende lid vir die infinitiewe hulp=

werkwoordgroepe (238

"Alle hulpwerkwoordgroepe het 'n komple=mentsvalensie ten opsigte van possessiewe groepe behalwe die met hulpwerkwoorde soos gonne, go-fitlhêla, ens."
(Krüger 1967 p. 94).

Ke selô sa (go-sala se-tlhatlhojwa re-ilê)
Dit is 'n saak wat intussen ondersoek moet word as ons weg is.

dikgang tsa (gore ba-phuntsê mêtsi ka motšhine)
die nuus dat hulle water oopgeboor het met 'n masjien

5.2.1.7 Die assosiatiewe betrekkingswoord le as inleidende lid vir infinitiewe naamwoorde en infinitiewe naamwoordgroepe (239

Alle infinitiewe naamwoorde en infini=tiewe naamwoordgroepe het komplements=valensie ten opsigte van die assosiatiewe betrekkingswoord.

go-ja motsoko le (go-nwa bojalwa ka metlha)
om te rook en om altyd drank te gebruik

go-taboga le (go-tlola mo tselêng phakêla)
om soggens in die pad te hardloop en te

spring

go-bua le (go-rêêtsa)
om te praat en te luister

5.2.1.8 Die assosiatiewe betrekkingswoord as inleidende lid by infinitiewe kopulatiewe werkwoordgroepe (240

Alle groepe het komplementsvalensie ten opsigte van die assosiatiewe betrekkings=woord.

Tirô ya gagwê le (go-nna motlhatlhobi) go-tla-mo-lapisa.
Sy werk, en om inspekteur te wees, sal hom vermoei.

Le (go-nna le bana mô borôbalông) go-kata tlhôgô.
Om ook saam kinders in 'n koshuis te wees is veeleisend.

O-tla-tshaba le (go-nna bollô ba matlapa mô tseleng.
Hy sal ook die warm-word van die klippe in die pad vrees.

5.2.1.9 Die assosiatiewe betrekkingswoord as inleidende lid by infinitiewe hulp=werkwoordgroepe (241

"Alle hulpwerkwoordgroepe het 'n kom= plementsvalensie ten opsigte van die assosiatiewe betrekkingswoord le behalwe hulpwerkwoordgroepe met gonne as inleiden= de lid". (Krüger 1967 p. 105).

Bitsa bana gore ba-tsênê le (gore ba-tlhapê maoto ka molora).
Roep die kinders sodat hulle inkom en sodat hulle hulle voete met seep was.

O-ya gae gore a-gamê le (gore a-dirê).
Hy gaan huis toe sodat hy melk en sodat hy kan werk.

gore re-buê le gore re-utlwanê sentlê
sodat ons praat en sodat ons mekaar goed verstaan

O-tlhôkomêlê dikolobê gore di-se-nwê le (gore di-se-jê mô gontsi).
Jy moet kyk na die varke sodat hulle nie drink nie en sodat hulle nie baie eet nie.

go-lema le (go-jwala mô gontsi selemô)
baie ploeëry en plantery gedurende die somer

(242

5.2.1.10 Die komparatief-assosiatiewe betrekkings= woord as inleidende lid by infinitiewe naamwoorde en infinitiewe naamwoordgroepe

Alle groepe het 'n komplementsvalensie ten opsigte van dié betrekkingswoord.

Dilô jaaka (go-utswa le go-senya) go-utlwisa pelo botlhoko.
Dinge, soos om te steel en om te verniel, is betreurenswaardig.

A-senya ka go-dira ditirô tse di-sokameng jaaka (go-tshuba mô ntlong)
Hy het verkeerd gehandel deur lelike dinge te doen soos brandstigting in die huis.

(jaaka go-tsoma)
soos jagtery

5.2.1.11 Die komparatief-assosiatiewe betrekkings=woord as inleidende lid by infinitiewe kopulatiewe werkwoordgroepe (243

Alle infinitiewe kopulatiewe werkwoord=groepe het 'n komplementsvalensie ten opsigte van die komparatief-assosiatiewe betrekkingswoord.

jaaka (go-nna monna)
soos om 'n man te wees

jaaka (go-nna bogale)
soos om kwaad te wees

Ba-êlêtsa sengwê jaaka (go-nna le madi a mantsi).
Hulle begeer iets soos om baie geld te hê.

5.2.1.12 Die komparatief-assosiatiewe betrekkings=woord as inleidende lid by infinitiewe hulpwerkwoordgroepe (244

Alle infinitiewe hulpwerkwoordgroepe het 'n komplementsvalensie behalwe groepe wat gore of gonne as inleidende lid het.

O-nê a-kgatlha batho ka dilô jaaka (go-tlhôla a-dira).
Hy het mense geïntereseer met dinge soos om aanhoudend te werk.

5.2.1.13 Die infinitiewe hulpwerkwoord as inlei=dende lid van infinitiewe werkwoorde, in=finitiewe werkwoordgroepe, infinitiewe hulpwerkwoordgroepe en infinitiewe kopu=latiewe werkwoordgroepe (245

Alle infinitiewe werkwoorde of infinitiewe werkwoordgroepe, infinitiewe hulpwerkwoord=groepe en infinitiewe kopulatiewe werk=woordgroepe, het 'n komplementsvalensie ten opsigte van die infinitiewe hulpwerk=woord as inleidende lid.

go-tlhôla (go-mo-kgôba thata)
om hom gedurig baie te terg

go-lala (go-nna mô ntlong)
om snags in die huis te wees

go-lala (go-tlhôla a-dira) bosigo bôtlhê
dat hy die hele nag werk

go-fitlha (go-ba-bôna)
totdat hulle gesien word

5.2.1.14 Die infinitiewe kopulatiewe werkwoord as inleidende lid van 'n infinitiewe kopu=latiewe groep (246

'n Infinitiewe kopulatiewe werkwoord kan nie as inleidende lede van infinitiewe kopulatiewe groepe fungeer nie. In geeneen van die boeke wat bestudeer is, kon so 'n voorbeeld gevind word nie.

Die proefpersone wat ondervra is oor so 'n moontlikheid, het dit ook ontken.

5.3 DIE INFINITIEF EN INFINITIEFGROEPE AS LID VAN NEWESKIKKENDE GROEPE (247

Die neweskikkende groepe kan nie volgens woord=inhoud benoem word soos in die geval van onder=skikkende en wedersydsskikkende groepe nie,

omdat, "in neweskikkende groepe nie semanties en/of sintaktiese dominerende lede voorkom nie." (Krüger 1967 p. 250). Die betekenisse van die lede in hierdie groepe is almal gelyk=beregtig ten opsigte van mekaar georden.

Infinitiewe en infinitiefgroepe kom in assosia=tiewe betrekkingswoordgroepe en dissosiatiewe betrekkingswoordgroepe voor.

Die assosiatiewe betrekkingswoordgroepe se betrekkingswoord is _le_ en die dissosiatiewe betrekkingswoordgroepe se betrekkingswoorde is _kgôtsa_ of _kampô_ of _gongwê_.

Die betekenis van die betrekkingswoorde gee aan die spesifieke groepe 'n valensie om as lede van 'n neweskikkende groep gebruik te kan word. (Krüger 1967 p. 251).

Die lede van so 'n neweskikkende groep moet semanties en/of kategoriaal gelykwaardig wees. (Krüger 1967 p. 251).

As die semantiese of kategoriale inhoud van die lede vasgestel is, word die vergelyking verder ontwikkel vir sover dit die woordinhoud aangaan. Vir die infinitiewe en infinitief=groepe kan die volgende subkategorieë van die neweskikkende semanties-kombinatoriese moment onderskei word:

(i) Assosiatiewe groepe
(ii) Dissosiatiewe groepe

A. Die assosiatiewe neweskikkende groepe (248

'n Algemene kenmerk van die lede van hierdie groep is dat dit geen egte pre=dikatief of predikatiewe groep as lede het nie. Alle nie-predikatiewe werkwoord=de en nie-predikatiewe werkwoordgroepe, met ander woorde, die infinitiefmodus, het dus hier betrekking.

Mosadi ô-nê a-ilê go-phepafatsa ntlo le go-tlhatswa dikhai.
Die vrou was weg om die huis aan die kant te gaan maak en om die wasgoed te was.

Basimanyana ba-rata go-rua maeba le go-tshameka mô ditlhareng.
Seuntjies hou daarvan om met duiwe te boer en om in die bome te speel.

Banna ba gompiêno ba-ithuta go-itlhagolêla malapa le go-ijwalêla morôgô mô ditshi=ngwanêng.
Vandag se mans leer om self hulle erwe te skoffel en om vir hulle self groente te plant.

B. Die dissosiatiewe neweskikkende groepe(249

Die dissosiatiewe betrekkingswoord kgôtsa met variante in kampô, ampô, kapa of gongwê, dien hier as inleidende lid vir die daaropvolgende lid van dié neweskik=kende groepe.

go-batla molato kgôtsa go-batla kagisô
om moeilikheid te soek of om vrede te soek

Go-nosa dikgômo kgôtsa go-di-disa ke tirô yê kgolo.
Om die beeste water te gee of om hulle op te pas is 'n groot werk.

Go-gôdisa bana kgôtsa go-ba-ruta maitsêo ga-go-bonolô.
Om kinders groot te maak of om hulle maniere te leer is nie maklik nie.

go-bua kgôtsa go-didimala
om te praat of om te swyg

## 5.4 INFINITIEWE OF INFINITIEFGROEPE AS LEDE VAN PRESISERENDE GROEPE (250

Die woordinhoud van die presiserende groepe is gewoonlik naamwoordelik of voornaamwoordelik. "Die hooflid bestaan uit naamwoorde, voornaam=woorde, werkwoorde, groepe met dié woorde as kern en sekere betrekkingswoordgroepe"

(Krüger 1967 p. 270).

Dit blyk dus dat die woordinhoud ingedeel kan word in naamwoordelike groepe en werkwoordelike groepe.

A. Naamwoorde en naamwoordgroepe as hoof=lid van presiserende groepe (251

Die presiserende lid kan uit dieselfde woorde of groepe as die hooflid bestaan.

(a) Naamwoorde en naamwoordgroepe as presiserende lid

Go-tla-tshosa ditlhapi, go-bua.
Dit sal die visse skrik maak,
die pratery.

Go-a-diragala, go-tlhôdia mô sekôlông
Dit vind plaas, die rasery in die
skool.

(b) Voornaamwoorde en voornaamwoord=groepe as presiserende lid

Die absolute voornaamwoord het by uitstek 'n presiserende valensie. (Krüger 1967 p. 271).

Go-ôpêla, gônê go gontlê.
Die sang, dit is mooi.

Go-bua gôtlhê, <u>gônê</u> ga-go-a-thusa sepe.
Al die pratery, <u>dit</u> het niks gehelp nie.

Go-lema, <u>gônê</u> môlê go-tla-re-tshedisa.
Daardie ploeëry, <u>dit</u> sal ons laat lewe.

Aanwysende voornaamwoorde as presiserende lede is volgens Krüger (1967 p. 271) on=gewoon indien nie onmoontlik nie.

Kwantitatiewe voornaamwoorde is geneig om saam met ander woorde gegroepeer te word, in 'n groter groep waarin die presiserende groep gebruik word, maar kan met die nodige in=tonasie as 'n presiserende lid gebruik word.
Gônê go-šwa <u>gôtlhê</u>, go-sentsê naga.
Dit, die hele brand, het die veld verniel.

B. Werkwoorde as kern van die hooflid (252

'n Infinitiewe naamwoord kan ook 'n werkwoord of 'n werkwoordgroep presiseer.

(i) Presisering van 'n saak wat in die hooflid as onderwerp genoem word:

Go-fedilê, <u>go-bina</u>.
Dit is klaar, die dansery.

Go-a-bônala, go-huduga.
Dit is merkbaar, die verhuising.

(ii) Presisering van 'n saak wat in die hooflid as voorwerp genoem word

Rona re-go-bônê, go-tlhôma ga batabogi.
Ons het dit gesien, die wedloop van die atlete.

Monna o-go-tlogêtse, go-lema.
Die man het dit laat staan, die ploeëry.

# HOOFSTUK 6

## 6. GEVOLGTREKKING

Die siening van die verskillende grammatici van die Sotho-tale oor die infinitief, was uiteen=lopend en uit die aard van die saak onvolledig. In hierdie studie is die volgende aspekte on=dersoek en meegaande gevolgtrekkings gemaak.

6.1 Ten eerste is die woordklasstatus van die in=finitief vasgestel. Dit is gedoen in hoofstuk 2. Die werkwoord is gesubkategoriseer in predika=tiewe werkwoorde sowel as in nie-predikatiewe werkwoorde. Die nie-predikatiewe werkwoorde is nog verder onderverdeel in nie-predikatiewe werkwoorde met 'n valensie vir bepalings en nie-predikatiewe werkwoorde met 'n valensie vir kom=plemente. Laasgenoemde groep kan verder onder=verdeel word in dié werkwoorde met 'n werkwoor=delike komplement en dié met 'n nie-werkwoorde=like komplement. Die nie-predikatiewe werk=woorde wat 'n werkwoordelike komplement neem, is hulpwerkwoorde en dié wat 'n nie-werkwoordelike komplement neem, is kopulatiewe werkwoorde.

Die naamwoord is gesubkategoriseer in lokatiewe naamwoorde, nie-lokatiewe naamwoorde en infini=tiewe naamwoorde.

Morfologies en valensioneel is daar dus bepaal dat die infinitief naamwoordelike sowel as werkwoordelike kenmerke het.

Die paradigmatiese kenmerke van die infinitiewe werkwoorde dui aan dat die infinitiewe werkwoord nie 'n valensie het vir die perfektumafleidings=morfeem nie.

6.2 As gevolg van die dubbele woordklasstatus van die infinitief, het dit, wat die interne valen=sionele kenmerke daarvan betref, 'n valensie vir sowel kwalifikatiewe as deskriptiewe bepa=lings. Infinitiewe naamwoorde het ook nog dié besondere kenmerk dat dit albei bepalings tege=lyk kan neem. Die uitbreibaarheidsprinsipe toon hier dan dat die kwalifikatiewe bepalings 'n hoër rangorde het as die deskriptiewe bepalings.

6.3 Die infinitief het sekere beperkinge op sy in=terne valensies.

6.3.1 Dit het geen valensie vir kwalifikatiewe bepa=lings as dit self 'n deskriptiewe valensie het nie. (Vgl. par. 170). Indien 'n sekondêre of tersiêre bepaling daarby ingesluit is, het dit óók nie 'n valensie vir kwalifikatiewe bepalings nie.

6.3.2 Die infinitief het nie 'n valensie vir sekondêre deskriptiewe bepalings indien dit:

(i) 'n voorwerpsvalensie het nie, (vgl. par. 171), of

(ii) self 'n sekondêre bepaling is nie, (vgl. par. 183) óf 'n komplement is nie, (vgl. par. 230).

6.3.3 Die infinitief het geen valensie vir onder=werpsbepalings nie.

6.4 Soos wat daar op die interne valensies be=perkinge is, is daar ook op die eksterne va=lensies van die infinitief beperkinge. As onderwerpsbepaling is daar geen beperkinge nie. Die infinitief kan slegs as voorwerps=bepaling fungeer mits dit nie sekondêre en/of tersiêre deskriptiewe bepalings insluit nie. (Vgl. par. 219). Slegs werkwoorde met die semantiese waarde van <u>wens</u>, <u>versoek</u>, <u>begeerte</u> en <u>definitiwiteit</u>, het 'n valensie vir die infinitief as voorwerpsbepaling. (Vgl. par. 217). As sekondêre deskriptiewe bepaling sluit dit geen sekondêre en/of tersiêre de=skriptiewe bepalings in nie. Die infinitief as komplement sluit óók nie sekondêre en/of tersiêre deskriptiewe bepalings in nie. (Vgl. par. 230).

6.5 Die infinitief het ook strukturele beperkinge. Alhoewel dit nie die doel van hierdie studie was om al die plasingsmoontlikhede van die

lede van die infinitiefgroep of infinitief self in die groter geheel vas te stel nie, is dit belangrik om te noem dat die infinitief geen voorplasing toelaat nie en dat die rang=orde tussen kwalifikatiewe onderling en de=skriptiewe onderling en tussen kwalifikatiewe en deskriptiewe onderling op die uitbreibaar=heidsprinsipe berus.

7. Dit blyk dat die werkwoordelike kenmerke oor die naamwoordelike domineer en wel om die volgende redes:

a) Sien 6.3.1
b) Sien 6.4
c) Sy morfologiese struktuurmoontlikhede nl.:

(i) dit sluit onder andere feitlik alle werkwoordmorfeme in.

(ii) die semantiese aspek van die wortel domineer oor die van die klasmorfeem.

-oOo-

# SUMMARY

## THE INFINITIVE IN TSWANA

7.1 AIM

The aim of this study is to determine the word class status of the infinitive.

7.2 GENERAL SURVEY

Most grammarians of the Sotho languages have at some or other stage also dealt with the infinitive. Some of the writers have acknowledged the double word class status of the infinitive. Setshedi, however, misjudges the infinitive as a verb. Although the double word class status of the infinitive is acknow= ledged, grammarians have not made a thourough examination of the internal and external valencial characteristics of the infinitive.

7.3 THE METHOD OF RESEARCH

Classification principles were applied to the nomen and to the verb in order to deter= mine the word class status of the infinitive. With the help of these principles the verb is morphologically classified into predicative

and non-predicative verbs. These differences agree with the valencial differences. The nomens are, according to the classification principles, sub-catagorized into locative nomens, non-locative nomens and infinitives.

Chapter three deals with the paradigmatic and sintagmatic characteristics of the infinitive verbs. The prefixal morphemes, premise mor= phemes and different deduction morphemes are discussed. An important aspect which is dis= cussed are the factors which influence the arranging of the morphemes of the infinitive verb.

According to these factors the hierarchical arrangement of the morpheme in the case of an infinitive verb must necessarily be dis= cussed. The infinitive verb's paradigmatic and sintagmatic characteristics are examined in the same way as the characteristics of the auxiliary verbs and the infinitive copulative verbs. The characteristics of the infinitive verbs, infinitive auxiliaries and infinitive copulative verbs are compared to the charac= teristics of the predicative verbs, predicative auxiliaries and predicative copulative verbs.

In chapter 4 the internal valencial characte= ristics of the infinitive are discussed in detail.

What are the limitations encoutered? After the internal valencial characteristics have been studied, the attention is focussed on the external valencial characteristics.

The following are some of the more important characteristics:

a) The complement of an infinitive auxiliary only has valency for primary descriptives and not also for secondary and tertiary descriptives.

b) Infinitive nomens, infinitive nomen groups, all infinitive auxiliary groups as well as infinitive copulative groups, all have subject valency.

c) The infinitive groups as objects have limited valency. It can only be used as an object with a limited number of verbs. This characteristic of the infinitive group as object is then only limited to infinitive groups which include primary descriptives. As soon as there are secondary and/or tertiary descriptives, it is not possible.

d) An infinitive also has a secondary descriptive. As secondary descriptive it has valency for primary descriptives but not

for secondary and/or tertiary descriptives.

e) Only primary descriptives can be included in infinitive groups as complement in resi-procal groups. If secondary and/or tertiary de= scriptives are included, then these de= scriptives can be applied to the whole group.

f) Although the infinitive has nomen as well as verb characteristics, it is apparent that the infinitive's verbial characteris= tics dominate those of the nomen.

# BIBLIOGRAFIE

# EN

# LITTERATUURVERWYSINGS


COLE, D.T. : AN INTRODUCTION TO TSWANA GRAM= MAR, Longmans, Green and Co., Cape Town, 1955.

------------- en MOKAILA, D.T. : A COURSE IN TSWANA, Georgetown University, Washington, D.C. 1962.

FERREIRA, J.A. en MALEPE, A.T. : TSWANALEERBOEK, J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1968.

KRüGER, C.J.H. : DIE STRUKTUUR VAN DIE WOORDGROEP IN TSWANA, Ongepubliseerde D.Litt.-tesis, U.P., Pretoria, 1967.

------------- : PRAKTIESE WOORDGROEPLEER: Noord-Sotho en Tswana, Pro Rege, Potchefstroom, 1971.

------------- : WOORDANALISE IN SOTHO, Pro Rege, Potchefstroom. Geen datum.

------------- e.a.: ESSAYS ON LITERATURE AND LANGUAGE, presented to prof. T.M.H. Endeman by his colleagues 1973. Uitgewer onbekend.

------------- en SWANEPOEL, S.A. : MORFOLOGIE, Pro Rege, Potchef= stroom. Geen datum.

LAAS, J.A.M. : WOORDBOU EN WOORDANALISE IN SUID-SOTHO, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U., Pot= chefstroom, 1974.

MALEPE, A.T. : SETSWANA SA BORRE, Union Books, Pretoria.

MATSEKE, S.K. : SETSWANA SA KA METLHA, Unie-Boeke, Pretoria, 1968.

PAROZ, R.A. : ELEMENTS OF SOUTHEREN SOTHO, Morija Sesuto Book Depot, Morija, 1946.

SANDILANDS, A. : INTRODUCTION TO TSWANA, The London Missionary Society, Tigerkloof, Cape Province, S.A., 1953.

SETSHEDI, J.E. e.a. : ESSAYS ON LITERATURE AND LANG= UAGE, Presented to Prof. T.M.H. Endeman by his colleagues

.1973. Uitgewer onbekend.

SWANEPOEL, S.A. : DIE HULPWERKWOORDE VAN TSWANA, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling P.U., Potchefstroom, 1974.

VAN EEDEN, B.I.C. : INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN SUID-SOTHO, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1941.

VAN WYK, E.B. e.a.: FEESBUNDEL VIR PROF. DR. JAN ANTONIE ENGELBRECHT, Afrikaanse Pers Beperk, Johannesburg, 1961.

WOOKEY, A.J. and BROWN, J. TOM : SESCWANA GRAMMAR WITH EXERCISES, Purnel and Sons, Ltd., Printers Paulton (Somerset) and London, 1940.

ZIERVOGEL, D. e.a. : A HANDBOOK OF THE NORTHERN SOTHO LANGUAGE, J.L. van Schaik Limi= ted, Pretoria, 1969.

-oOo-